

## Hoofstuk V

### 5.0 Die vormkenmerke van die prysgedig

In die hoofstuk sal gekyk word na die kwantitatiewe kenmerke van die prysgedig, en wel na die klanke, sillabes, woorde versreëls en strofes.

Dit is egter nie 'n voldonge feit dat die prysgedig wel in die kleiner eenhede verdeel kan word nie, kyk byvoorbeeld wat sê Van Zyl (1949, p. 8). "Die prysdigter onderskei geen dele nie, geen strofes of reëls nie. Die prysgedig is 'n geheel. Hoe langer die prysdigter kan aanhou, sonder verposing, hoe beter en meer effektief is die voordrag."

Ngcongwane (1976, p. 2) is ook die mening toege= daan dat die tradisionele kunstenaar geen kennis gehad het van versreëls of strofes nie en wat tans gebruik word, is gebasseer op idees soortgelyk aan die van Grant (1927, p. 202) waar laasgenoemde sê "Apart from the clear emphasis on the penultimate syllable of each word, additional emphasis fell periodically on the penultimates of certain words, each of which would be followed by a perceptible pause. Thus the poem was broken up into short phrases, each of which appeared to be uttered with one breath."

Die kort pouses na sekere voorlaaste lettergrepe gee wel aanduiding waar 'n prysgedig in reëls verdeel kan word. Dat die pouses arbitrêr is, blyk uit die feit dat 'n ander prysdigter, twee van die "reëls" in een asem kan uitspreek en aldus die hele metode van verdeling in versreëls kan omverwerp.

Die prysdigter breek wel af op 'n gemaklike plek, na 'n redelike volledige mededeling. Daar kan van die standpunt uitgegaan word, dat daar 'n

optimale lengte vir 'n versreël is, en dit nie alleen gebaseer word op die feit dat die prysdigter op 'n sekere plek moes ophou om asem te haal nie.

Vir die doel van die studie sal ons egter die prysgedig bekyk, as bestaande uit kleiner eenhede.

## 5.1 Die kwantitatiewe kenmerke

Soos reeds genoem, word die prysgedig se kwantitatiewe boustone bekyk en wel op so 'n wyse dat die kleiner eenheid die bousteen vorm vir die daarop= volgende groter eenheid. Die eenheid wat onderskei word is:

- a Klanke
- b Sillabes
- c Woorde
- d Versreëls
- e Strofes

### 5.1.1 Klank

Aangesien die prysgedig deur middel van taal geskep word, en uit taalelemente daargestel word, is dit vanselfsprekend dat gekyk word na klank. Dit is die kleinste eenheid waaruit die kwantitatiewe kenmerke van die prysgedig bestaan. Klank kan voorts omskryf word, as synde die wyse waarop die uitdruk= kingskrag van 'n literêre werk deur die aanwending van gepaste taalklanke versterk word, met ander woorde gevoelsuiting deur klank.

Sillabes, woorde, ensovoorts, sou nie daar gewees het nie as dit nie deur klank teweeg gebring kan word nie. Klank bepaal ritme en het te doen met rym, maar laasgenoemde het nie betrekking op die prysgedig nie, soos dit later uitgewys sal word.

Klank is dus die kleinste bousteen en gaan op in die groter eenheid van die sillabe.

Kyk byvoorbeeld na die volgende voorbeeld, waar die drie eerste woorde van dié drie versreëls identies is.

Bylae A no. 14.

Go feta Thakadu selelelamagwele,  
go feta Thakadu ngwana wa ga Bogatswi,  
go feta Thakadu morwa Mokalaka.

Daar gaan 'n Erdvark verby wat aartappels liefhet,  
daar gaan 'n Erdvark verby seun van Bogatswi,  
daar gaan 'n Erdvark verby seun van Mokalaka.

Kyk na die herhaling van die klanke g,o,f,e,t,a,  
th, ensovoorts, uit die aanhaling hierbo.

### 5.1.2 Sillabe

Volgens die HAT (1965, p. 506) is die sillabe die kleinste klank- of lettergreep wat nie sinvol verder splitsbaar is nie.

Finnegan (1977, p. 129) sê dat die sillabe die eenheid is wat sinvol deur die prysdigter gebruik word om die groter eenhede te vorm, naamlik die woord, en wat daarop volg.

Die sillabe speel 'n belangrike rol, want woorde is opgebou deur een of meer sillabes. Die prysgedig is ook lirie van aard, en die sillabe is die draer hiervan.

Die prysdigter maak dus baie van die sillabe gebruik in die opbou van die prysgedig.

Woorde word opgebou uit een of meer sillabes. Kyk byvoorbeeld na die volgende voorbeeld. Bylae A no. 1.

Okomelang kwa ntle  
lo bone! lo bone! semariri o etla.  
Loer na buite  
sien, sien, die harige(een) kom aan.

Die woord okomelang kan as volg in sillabes verdeel word. o/ko/me/la/ng en die woord kwantle as volg, kwa/n/tle, en die tweede reël, bv. lo/ bo/ne lo/ bo/ne se/ma/ ri/ri o/ e/ tla

Die voorkoms van sillabes in die prysgedig is onreëlmatig wat dus ook die afwesigheid van metrum impliseer. Die varieërende aantal sillabes word onder andere deur herhaling en parallelisme bymekaar gehou, volgens Finnegan (1977, p. 130).

In die Sothotale, waarvan Tswana 'n deel vorm, word gevind dat die sillabe die draer is van ritme sowel as klem, en die beklemtoning geskied sekondêr en tersiêr.

Finnegan (1977, p. 180) sê dat die prysgedig gekenmerk word deur die herhaalde voorkoms van beklemtoonde en onbeklemtoonde sillabes op 'n reëlmatige wyse. Dit bring ritme mee, wat nie streng nagevolg word nie. Die ritme is eerder "gevoelsritme" as wat dit gegrond is op vokale en semivokale, (soos dit in Europese poësie aangetref word) en wat vergesel word van 'n gedagte-ordening eerder as 'n woordordening, met parallelismes in die idees wat as poëtiese kwaliteite verseker word deur ritme.

In teenstelling met die Westerse digter berus die prysdigter se prysgedig nie op ritme en metrum nie, maar op die balans van sillabes en gedagtes vergesel van ritme.

Schapera (1965, p. 15) sê dat die prysgedig in Tswana van die prosa onderskei word deur beklemtoning, parallelisme, skakeling en kruisparallelisme. Dit hou in, dat afgesien van die normale klem wat op 'n woord se voorlaaste sillabe geplaas word, daar ook addisionele klem gelê word op die voorlaaste sillabes van sekere woorde wat dan gevolg word deur 'n duidelike waarneembare pouse en aldus word die prysgedig opgedeel in kort sillabes. Dit word dus verkry deur die tersaaklike konsonant te verleng, en as die woord aan die einde van 'n redelike afgeronde mededeling kom, is die verlenging van die voorlaaste sillabe meer waarneembaar as gewoonlik, en die pouses wat daarna voorkom kan beskou word as die einde van die strofe.

'n Mens kan aldus die prysgedig onderverdeel in strofes.

Die sillabe is dus van kardinale belang by die vorming van woorde en die bepaling van ritme en die draer van klem en vir die onderverdeling van die prysgedig in strofes.

In die volgende voorbeeld sal die aantal sillabes per versreël genommer word en die klem sal deur 'n skuinsstreep (') vir die normale klem en 'n langer streep (/) vir die voorlaaste sillabe wat die einde van die strofe aandui. Bylae A no. 1.

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12  
á tšé á tšhéle ká roná matibogó

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10/11  
ke ené motshélákgábo-a-batho.

sodat hy saam met ons deur die driewe kan gaan  
dit is hy, die vermaner van die mense.

asook Bylae A, no. 10.

1 2 3 4 5 6 7 8  
dí tswa gáre ga lefátshe

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14  
kò'o teng-teng, kò'o kgakála-kgakála.

Die meeste Tswanaprysgedigte se versreëls bestaan uit 4 tot 6 woorde, wat verder bestaan uit 'n varieërende aantal sillabes, soos blyk uit die voorbeelde.

### 5.1.3 Woorde

Dit is die kleinste, selfstandige taaleenheid van klank, vorm en betekenis. Klanke en sillabes gaan op in die groter eenheid, die woord. Die gebruik van die regte woord vereis dat die kunstenaar 'n kenner daarvan moet wees. Die pryslied word verder gekenmerk deur 'n ekonomiese woordgebruik: "Die woord wat slag vir slag as't ware 'n kolskoot aanteken," volgens Nienaber en Nienaber-Luitingh (1952, p. 7).

Die woorde in die prysgedig gaan 'n intieme ritmiese- en betekenisverbande met mekaar aan. Dit moet inpas en aanpas om die harmonie te bewaar en word teweeg gebring deur:

a Kontraswerking

Dit is waar die woord of gedagte in die eerste helfte van die sin in teenstelling is met die in die laaste gedeelte van dieselfde sin, of in opeenvolgende sinne om sodoende die kontras aan te dui. Die onderstreepte gedeeltes in die volgende voorbeelde is die wat kontrasterend is. Bylae A no. 11.

A re: "Ga ke a tsala ngwana;  
ke tsetse ledimo, ke tletse pharatlhe."  
Hy sê: "Ek het nie 'n kind verwek nie;  
ek het 'n reus verwek, terwyl ek vol boosheid was."

en ook (Bylae A, no. 25).

gobane o monna, ga o mosimane.  
O mogale ga o dishashe,  
o kgosi ga o molala;  
o mongwa' molao,  
ga o motlhanka wa one.  
Apara kobo ya nkwe, morwa Mankurwane,  
omdat jy 'n man is, en nie 'n seun nie.  
Jy is dapper en nie 'n lafaard nie,  
jy is 'n kaptein en nie 'n slaaf nie;  
die wet behoort aan jou (jy is die baas van die wet),  
jy is nie 'n dienaar daarvan nie.  
Trek aan die luiperdvel, seun van Mankurwane.

b Kruisverwysing

Dit bestaan uit woorde of gedagtes wat in opeenvolgende versreëls met mekaar verband het. In die eerste versreël word verwys na 'n woord of gedagte, wat in die tweede versreël ook weer ter sprake kom. Die kruisverwysing word hier uitgebeeld deur nommers, byvoorbeeld (Bylae A, no.3)

Go ne go seba banna ba le bararo<sup>1</sup>,  
mme ka boraro<sup>1</sup> ka maina ke ba lebetse.

Daar was drie mans wat geskinder het,  
maar ek het al drie se name vergeet.

en ook (Bylae A, no. 11).

Ngwana<sup>2</sup> wa kgosi o tla<sup>1</sup> ntle.

O tla<sup>1</sup> tshweu<sup>2</sup> morwa Sebogodi,

yo'o<sup>1</sup> o pelo<sup>2</sup> tshweu, morwa Sebogodi,

yo'o<sup>1</sup> montle<sup>2</sup> le pelo, morwa Sebogodi.

Die kapteinskind kom mooi reg.

Hy kom goed reg, die seun van Sebogodi,  
hy wat goedhartig is, seun van Sebogodi,  
hy wie se hart ook mooi is, seun van Sebogodi.

Kyk ook na die volgende voorbeeld uit  
(Bylae A, no. 4).

"O thwala<sup>1</sup> selo se sentle, tlhōboro<sup>2</sup>.

E rile ge go tlhotshwa<sup>1</sup> dithlōboro<sup>2</sup>

tlhōboro<sup>2</sup> e ntle ke ya ga Kgosi Mangope."

"Hy het 'n mooi ding gekry, 'n geweer.

Toe die gewere uitgesoek moes word,  
het Kaptein Mangope die mooi geweer gekry."

Uit die voorbeelde kan verder afgelei word,  
dat die gedrag van woorde, een van die verreikendste  
bind- en boumiddels van die prysgedig, is, kyk byvoorbeeld  
na die volgende voorbeeld uit (Bylae A, no. 11).

a ba a lala a sa fitlhola

a ba a lala a sa ja, Mofurutshe,

a lala a sa ja, morwa Sebogodi,

a lala a sa ja, motswa Thamagana.

dan slaap hy sonder om ontbyt te eet

en hy slaap sonder om te eet, die Mofurutshe,

en hy slaap sonder om te eet, seun van Sebogodi,

en slaap sonder om te eet, die afstammeling van  
die groue,

#### 5.1.4 Die Versreël

Elke klein eenheid gaan op in 'n groter eenheid, met ander woorde, klank gaan op in die sillabe, die sillabe in die woord en dié gaan op in die versreël. Die versreël funksioneer as 'n eenheid met bouwaarde, dit wil sê, die kleiner eenhede is hierin georganiseer, maar self bied dit moontlikhede vir verdere organisasie, vergelyk Bylae A no. 1.

Nyeleu le le golo, Segabariele, sephamolabatho  
Groot engel Gabriël, jy wat mense gryp.

Die versreël kan dus as 'n selfstandige eenheid optree met 'n ritmiese patroon.

Daar moet egter teen gewaak word om nie die selfstandigheid oor te beklemtoon nie, want dit kan lei tot eentonigheid. Omdat die prysgedig te make het met handeling kan eentonigheid nie gedoog word nie en dit kan op die volgende maniere voorkom word.

##### a) Wisseling van Aksentposisies

Wisseling van aksent word aangewend om eentonigheid te vermy, en tegelyk kry die woorde kans om op te tree met hulle volle betekenis. Dit maak nie saak of die versreëls lank of kort is nie, byvoorbeeld Bylae A no. 11. Die aksentposisies word onderstreep.

Ngwana wa kgosi o tla ntle.

O tla tshweu morwa Sebogodi,

Yo'o o pelo tshweu, morwa Sebogodi,

yo'o o montle le pelo, morwa Sebogodi.

Die kapteinskind kom mooi reg.

Hy kom goed reg, die seun van Sebogodi,

hy wat goedhartig is, seun van Sebogodi,

hy wie se hart ook mooi is, seun van Sebogodi.



b) Die Sesuur

Dit is 'n ruspunt wat binne die versreël voorkom, byvoorbeeld Bylae A no. 22.

Thamaga mo sakeng - di a thulana  
Die groues in die kraal stoot mekaar.

en ook uit dieselfde prysgedig.

di akga diditse - betsi di akga lengetse  
hulle waai hulle kwaste en die skoondogters  
waai hulle klere.

c) Enjambement

Die woord enjambement is afgelei van die Franse woord "enjamber" wat beteken -om oor te spring. Dit is dan ook die funksie van die enjambement dat die gedagtegang van een versreël voortvloei in die volgende reël, sonder onderbreking. Die enjambement het sekere funksies wat dit vervul in die prysgedig, naamlik:-

- (i) Die voorlaaste sillabe word nie by elke reël beklemtoon nie; daar is deur die deurlopende gevoelskontinuiteit 'n breër deining in die ritme. Daar is dus gedagte- en gevoelskontinuiteit.
- (ii) Dit voorkom eentonigheid, want dit kan die tempo versnel of vertraag, afhangende van die bepaalde prysgedig.
- (iii) Enjambement kan ook die sinsaksent beïnvloed. 'n Woord in die volgende reël na 'n enjambement kan uitgehef word.
- (iv) Deur die aanwending van die enjambement kan die prysdigter 'n bepaalde stemming skep, byvoorbeeld rustigheid waar die tempo vertraag is, of 'n dramatiese effek waar die tempo versnel, en word veral in die prysgedig aangewend

word om, byvoorbeeld beweging en gejaagd=  
heid te bewerkstellig, byvoorbeeld  
Bylae A no. 1.

Okomelang kwa ntle  
lo bone! lo bone! semariri o etla.  
Loer na buite  
sien, sien, die harige(een) kom aan.

en ook uit dieselfde prysgedig.-

Etsa kgosi Manyane le kgosi Sebogodi  
ge ba nesa pula maloba;  
Maak soos Kaptein Manyane en Kaptein Sebogodi  
toe hulle nou die dag reën veroorsaak het (dit  
laat reën het);

asook uit (Bylae A, no. 21).

ya tshema-tshema, ya sasamala  
ya kgeloga Moeding,  
ya tatamala, ya ralala Huhudi,  
ya tsatsanka, ya kgabaganya Madibe.  
hy het toe gedrafstap, en reguit koers gekies,  
hy het toe deur Moeding(Tierkloof) gegaan,  
hy het toe regdeur Huhudi (Vryburg) gegaan,  
hy het toe vasgetrap en oor die Madiberivier gegaan.

Wat nie uit die oog verloor moet word nie, en  
wat ook deur Guma (1967, p. 159) beklemtoon word, is  
dat die basiese tegniek van die prysgedig, asook die  
vorm daarvan, voldoen aan die doel waarvoor dit  
bedoel is, sowel as die voordragswyse. Die prysgedig  
word immers gekomponeer vir die oor en 'n luisterende gehoor,  
eerder as vir die oog en 'n lesende publiek, want sodra die  
prysgedig op skrif gestel word, gaan baie van die inherente  
skoonheid, daarvan verlore.

Die tegniek is dat 'n enkele gedagte geneem word,  
uitgebrei en ontwikkel word en dan afgesluit word. Dit  
word gevolg deur 'n verdere gedagte verskillend van die  
vorige, maar nog steeds in dieselfde gedagterigting,  
wat op dieselfde wyse behandel word.

Die resultaat is 'n reeks van sulke selfstandige gedagtes wat saam hoort. Die gedagtes verteenwoordig elkeen 'n versreël. 'n Aantal van die versreëls, of gedagtes wat bymekaar hoort, loop dan uit op die strofe en uiteindelik op die hele prysgedig. Die groter eenhede is egter nie meer as die somtotaal van die kleiner eenhede waaruit hulle tot stand gekom het nie, naamlik klank, sillabe en woord.

Die vloei en vooruitgang (ontwikkeling) tussen die versreëls word nie ligtelik onderbreek nie, totdat die kenmerkende pouse wat die einde van die strofe aandui, bereik word nie, byvoorbeeld Bylae A no. 1, waar die prysdigter vir President Mangope prys in verband met die onafhanklikheid van Bophuthatswana.

O ne a tswetse kantoro tsa gagwe  
le dibuka a di beile,  
e letile kgwedi e le botshelela.  
A re kgosi e tle e tshela ka rona matibogo,  
ka e le ene motshêlakgabo-a-batho.  
Hy het sy kantore gesluit  
en sy boeke gebêre,  
terwyl hy vir die sesde dag van die maand wag.  
Hy sê die kaptein moet saam met ons deur die  
driewe gaan,  
want dit is hy wat die mense berispe (vooruitgaan).

Damane en Sanders (1974, p. 43) sê dat die lengte van die versreël kan varieër en daar is niks wat beperkend inwerk nie. Die meeste versreëls bevat ook prysnane, naamlik aan die begin, middel en einde. Dit sluit nou aan by wat dieselfde skrywers (p.44-52) en Von Staden (1975, p. 166-168) sê dat die versreëls in die strofe 'n stelling en uitbreiding asook 'n ontwikkelings- en slotgedeelte bevat.

Die ontwikkeling is gewoonlik grammaties afhanklik van die stelling of die uitbreiding en die slot is meestal onafhanklik. Die slot is interessant omdat dit inhoudelik 'n onverwagte wending kan meebring of selfs 'n teenstelling of teenstrydigheid kan behels.

Die feit dat die versreël bestaan uit 'n stelling/uitbreiding/ontwikkeling en slot, word gebaseer op 'n afgeleide werkwoord of 'n metaforiese prysnaam wat in die versreël voorkom. Die afgeleide prysnaam vorm die basis vir die versreël en kom gewoonlik aan die begin van die versreël voor, Die aanvang met die afgeleide prysnaam is gewoonlik die stelling, want dit verwys na die daad van die persoon wat geprys word, maar verskaf min inligting. In die daaropvolgende versreëls word die daad dan verder toegelig en die persoon wat geprys word is dan die voorwerp van die verwante werkwoord. Dit is die werkwoord waarvan die prysnaam afgelei is. Dit word die ontwikkeling genoem, en die skakeling met die stelling is morfologies. Daar is geen beperking op die aantal versreëls waaruit die strofe kan bestaan nie. Die slot is grammaties verwant aan die ontwikkeling; al is die woordgebruik totaal anders.

Bogenoemde geld nie vir alle versreëls waaruit die prysgedig bestaan nie, want baie versreëls kan uit die vier komponente bestaan, maar daar kom geen prysnaam in voor nie, dit is slegs handeling wat uitgebeeld word, byvoorbeeld Bylae A no. 1.

1. Nyeleu le legolo Segabariele sephamolabatho,
2. O ne a tswetse kantoro tsa gagwe
3. le dibuka a di beile,
4. a letile kgwedi e le botshelela.
5. A re kgosi e tle e tshele ka rona matibogo,
6. ka e le ene motshêlakgabo-a-batho.

1. Groot engel Gabriël, jy wat mense gryp,
2. Hy het sy kantore gesluit
3. en sy boeke gebêre,
4. terwyl hy vir die sesde dag van die maand wag.
5. Hy sê die kaptein moet saam met ons deur die driewe gaan,
6. want dit is hy wat die mense berispe (vooruitgaan).

Versreël 1 is die stelling. Hier word die prysnaam van die geprysde vermeld, verwys na die dae van die geprysde, maar verskaf relatief min inligting. In die eerste versreël word ook drie prysname aangetref, naamlik aan die begin, middel en einde van die versreël.

Versreëls 2,3 en 4 is die ontwikkeling. Hier word meer uitgebrei oor die dae van die geprysde. Die versreëls skakel grammaties sowel as morfologies met die stelling.

Versreël 5 is die uitbreiding. Dit staan redelik onafhanklik van die stelling en ontwikkeling en bring nou 'n nuwe faset na vore.

Versreël 6 is die slot. Dit staan ook onafhanklik van die stelling, ontwikkeling en uitbreiding, maar skakel nogtans grammaties met die ontwikkeling. Die slot bring hier inhoudelik 'n wending, omdat dit in teenstelling met die vorige versreëls nie net inligting bevat nie, maar ook 'n dreigement inhou, naamlik hy is die berisper van die mense of 'n meer letterlike vertaling sou wees, hy wat kole op hulle gooi.

Guma (1967, p. 161) wys daarop dat die prysgedig, as gevolg van Westerse invloed, in versvorm geskryf word. Dit is gedoen eerder vir duidelikheid en estetiese waarde as weens noodsaaklikheid, want die prysgedig kan net sowel in prosavorm geskryf word, sonder om die ritme en melodie te verstuur. Neem die volgende 3 reëls as voorbeeld, as dit in versvorm geskryf word, Bylae A no. 5.

O intshwarele, ke go dumedisitse ka seatla,  
Phatswana.

Ke se bone kae go dumedisa Morena ka seatla?

Ke se khubame ka lengole kgotleng.

Vergewe my, ek het u met die hand gegroet,  
Swartbonte.

Waar het ek dit gesien om die Kaptein met die  
hand te groet?

Voordat ek by die vergaderplek (kgotla) gekniel het.

Neem nou dieselfde drie reëls in prosavorm  
geskryf.

O intshwarele ke go dumedisitse ka seatla  
Phatswana; ke se bone kae go dumedisa Morena ka  
seatla, ke se ke khubame ka lengole kgotleng?

#### 5.1.5 Die Strofe

Die strofe is die grootste onderdeel van die  
prysgedig, en omdat sekere prysgedigte bestaan uit  
net een strofe kan dit ook 'n geheelswaarde hê.

Von Staden (1975, p. 166) sê dat die woord stansa  
ten opsigte van die prysgedig gebruik word wat  
plus-minus 'n afgeronde eenheid vorm. Aangesien die  
sogenaamde stansas nie voldoen aan die kenmerke wat  
normaalweg per definisie aan die stansa toegedig word  
nie, is die term onbevredigend. Ook die term strofe  
is om dieselfde redes onbevredigend.

Aangesien dit veral die groter inhoudelike  
afgeronde eenheid is, wat as uitgangspunt dien, blyk  
die term versparagraaf die geskikste term te  
wees. Vir die doel van die studie sal die term,  
strofe, as gevolg van welbekendheid, gebruik word.

Damane en Sanders (1974, p. 34) sê dat die  
prysgedig verdeel word in stansas wat gewoonlik  
varieër in lengte, naamlik van 2 tot 6 versreëls.

In elke stanza is die fokus op die held, wat pertinent op die voorgrond is, sy volgelinge, vyande en familie word ook vermeld om die kontras beter toe te lig. In sommige stansas word hy fisiek uitgebeeld, in ander word hy in aksie gesien, in ander word na hom verwys in metaforiese taal. In sommige stansas word hy bemoedig en hy kan ook tereggewys en gekritiseer word in sekere stansas.

Die stanza se lengte kan varieër, want daar is geen beperkende inwerking nie. Soos ook reeds daarop gewys, bevat die meeste versreëls in die stanza prysname, naamlik aan die begin, middel en einde van 'n versreël.

Die strofe is dus 'n betekenisvolle eenheid wat opgebou word uit kleiner eenhede. Die kleiner eenhede hang saam en word gesamentlik al groter tot die eindproduk die strofe is. 'n Aantal of enkele van die strofes word weer saamgevoeg om so die prysgedig as geheel daar te stel.

Dieselfde wat onder 5.2.4 ten opsigte van die versreëls gesê is wat die kenmerke vertoon van 'n stelling, ontwikkeling, uitbreiding en slot, kan dus ook van die stanza gesê word, aangesien die strofe die groter geheel is waarin die versreëls opgeneem is.

Daar kan dus gesê word dat die strofe versreëls bevat wat die bogenoemde eienskappe het. Die eienskappe kan net aan die versreëls toegesê word as hulle binne 'n strofe gegroepeer is en geen losstaande versreël sal die eienskappe, in volgorde en verband, so vertoon as wat dit die geval is binne die raamwerk van die strofe nie.

#### 5.1.6 Samevatting

In die voorafgaande bladsye is gekyk na die kwantitatiewe kenmerke van die prysgedig. Uit die beskouing het die kleiner eenhede opgegaan in groter

eenhede wat verder vergroot het tot die strofe, waarvan gesê kan word dat die strofe 'n betekenisvolle eenheid is.

Soos reeds genoem, is die strofe ook selfstandig en kan alleen staan om 'n prysgedig te vorm. Die strofes is ook nie gebonde nie en het nie 'n bepaalde plek waar hulle moet staan nie. Vergelyk in dié verband Bylae A no. 1 en 4 en wel die strofe by no. 1 wat begin by 35 en no. 4 wat begin by 35. Albei die identiese strofes kom in verskillende prysgedigte voor, en op die oog en oor af is daar geen rede hoekom hulle nie so hoort nie.

Die versreëls is net soos die stansas betekenisvolle eenhede. Al is daar geen metrum waaraan dit moet voldoen nie, is die meeste versreëls rofweg dieselfde lengte, en bevat drie of vier beklemtoonde sillabes, maar die getal kan varieer tussen 2 en 6, aldus Damane en Sanders (1974, p. 53).

Die feit dat elke versreël 'n betekenisvolle eenheid is, kan gesien word uit die voordragswyse van die prysdigter, want hy toon 'n onderbreking tussen die een reël en 'n ander, of hy toon aan dat daar meer as een sin is deur intonasie of beklemtoning.

Die wyse waarop hy laasgenoemde doen, varieër en berus op die betekenis van die stuk, eerder as doelgerigte kunstenaarsbydrae. In sommige reëls verleng hy die laaste beklemtoonde sillabe, of hy plaas waarneembare klem op die eerste sillabe van die volgende versreël.

Die ritme in prysgedigte kom ongeregeld voor, maar is baie effektief. Baie van die ritme en klank gaan verlore vir die Blanke se ongeoefende oor. Byvoorbeeld, "moenie sê nie" sou in Tswana wees "o-se-ke-o-a-re". As die woord geskryf word soos dit uitgespreek word, is dit "osekeware". As die klem gewoonlik op die voorlaaste sillabe



geplaas word, is dit in die eerste geval op die "a" en in die tweede geval op die "w" wat bestaan uit "o en a", met ander woorde wat saamgetrek is, om 'n "w" te vorm.

Al die kwantitatiewe kenmerke is baie belangrik, soveel so, dat die een nie sonder die ander kan bestaan nie, maar tesame vorm dit 'n harmonieuse geheel. Soos Abraham sê (1971, p. 18) "die prysdigter besing sy volk se prestasies met die skoonheid van 'n begrypende siel, wat uit die opgegaarde taalrykdom en die diep gesetelde wysheid van duisende jare put."

Die taalrykdom bestaan grotendeels uit die kwantitatiewe kenmerke.

## 5.2 Die Kwalitatiewe kenmerke

Die poësie het sekere algemene kenmerke wat dit tipeer as poësie en die kwaliteit daarvan bepaal.

### 5.2.0 Rym, ritme en metrum

Rym dien in die Europese poësie as 'n belangrike vormelement. In lang gedigte, byvoorbeeld die lengte van 'n gemiddelde prysgedig, sal dit vaste punte verskaf, sodat die gedig nie in vormloosheid verval nie. Rym is dan in die Europese poësie 'n belangrike bindmiddel. Verder het die rym in bogenoemde poësie ook die funksie dat dit die versreël op 'n bevredigende wyse afsluit en bind tot 'n tegniese en psigologiese eenheid.

Dit is nie die geval by die Tswana prysgedig nie, want daar is nie rym nie, soos ook onderstreep word deur Von Staden (1975, p. 169). Waar tekens van rym mag voorkom, is dit heeltemal toevallig, of hang dit toevallig saam met een van die ander verstegniese middele, byvoorbeeld "parallelisme of

is dit deel van die taal self, byvoorbeeld Leitlho le le lele la Lentswe" - die lang oog van Lentswe, dit wil sê hy wat ver en oral kan sien, of byvoorbeeld (Bylae A no. 2.)

- Morena a feta, a feta.

A le godimo, dimo, dimo, dimo, dimo

die see het weggetrek en die Kaptein het toe deurgegaan.

Hy het baie hoog verbygegaan.

In die prysgedig is daar 'n konsekwentheid van ritme. Veral wanneer versreëls uit 'n ooreenstemmende aantal woorde bestaan wat elk dieselfde getal sillabes het. 'n Mate van lengte (ook klem genoem) en ietwat buitengewone toonhoogte op die voorlaaste lettergreep van elke woord wat dan in opeenvolgende versreëls in ooreenstemmende posisies voorkom, terwyl ander sillabes kort en meer "neutraal" is, sou dan so 'n metriese effek tot gevolg hê.

Hierdie patroon kom nie altyd voor nie, omdat die lengte van woorde en ook die woordtal verskil. Die voordragtempo dra ook daartoe by dat lengte in die meeste gevalle wegval. Die lengte op die voorlaaste sillabe van elke versreël word egter altyd behou.

Dat ritme teenwoordig is en gepaard gaan met die asemhalingsproses, en talle gebare is waar. Dit wil egter skyn of die rol van rym en metrum soos dit in die Europese poësie bekend is, vervang word deur faktore soos parallelisme en skakeling.

#### 5.2.1 Verbinding van Versreëls

Paralellisme sowel semanties as grammaties van aard kom baie in prysgedigte voor, byvoorbeeld dieselfde tipe gedagte word deur verskillende woorde, maar met identiese grammatiese struktuur herhaal, byvoorbeeld Bylae A no. 4.

le mosima o thibe wa mokwepa le phika  
o thibe wa dinoga tse di bogale.  
maak toe die gat van die mamba en boomslang  
en maak die gate van die gevaarlike slange toe.

By parallelisme kom die herhaling van dieselfde woorde of woordkerns op drie wyses voor, naamlik horisontaal, vertikaal en diagonaal. Horisontaal hou in die herhaling binne 'n enkele versreël, terwyl diagonaal en vertikaal inhou dat daar met opeenvolgende versreëls gewerk word. Die drie tipes herhalings is nie onderling uitsluitend nie, maar tree gelyktydig op. Dit gee aanleiding tot 'n groter mate van parallelisme en effek.

Met die voorafgaande in gedagte sal nou gekyk word na die verskillende vorms van parallelisme en hoe dit te werk gaan om die versreëls te verbind.

#### a. Parallelisme

Dieselfde linieêre benaderingswyse wat Kunene (1971) gebruik het, sal ook hier gebruik word, aangesien die wyse die parallelisme en herhalingspatrone baie mooi uitbeeld. Die linieêre- of lynvormige metode, is soos die naam aandui: die gebruik van lyne om die parallelisme aan te toon op die horisontale, diagonale en vertikale vlak.

#### (1) Herhaling van woorde en woordgroepe

Herhaling kan esteties of vervelend wees. In die prysgedig word die estetiese egter vooropgestel, want uitgesoekte woorde en woordgroepe word herhaal. Addisionele woorde en woordgroepe - frases - word ingebring, wat as aanvullende frases optree

om die prysgedig te laat vorder en vooruitgaan, of die sintaktiese volgorde van die frases word omgedraai om sekere frases te beklemtoon.

Voortaan sal die term frase gebruik word om woorde en/of woordgroepe aan te dui. Daar is altyd iets wat ingesluit word by die herhaling om afwagting te veroorsaak; dit stel ook volgehoue nuuskierigheid deur die verwagting van 'n nuwe of 'n verrassingselement. Die gedagtes loop of pas in mekaar soos die skakels van 'n ketting en bind saam, en hou bymekaar wat saam hoort, wat andersinds onsamehangend sal wees en 'n losse struktuur sal wees, soos alledaagse spraak.

- (a) Woorde wat leksikaal, semantiese variante van mekaar is. Die herhaling van 'n woord hou in dat daardie gedeelte wat die geheel verduidelik, herhaal word. As voorbeeld word die woord "ja" - eet, in die volgende vorme in Tswana aangetref:

ja - eet

jele - het geëet

jesa - voer - laat eet

jela - 'n ander se kos eet

jega - eetbaar

jana - mekaar eet

ijesa - jouself voer, - self eet

jesana - mekaar kosgee - mekaar voer ens.

Daarom dus as die woord "ja" voorkom in 'n versreël en een van die variante kom in die volgende versreël voor

dan is dit herhaling, aangedui deur die woorde te onderstreep. Kyk byvoorbeeld Bylae A no. 12.

Bana ba ga Mmaphala re epanye,  
ba ga Mmaphala, re epalanye.  
Sebogotswana o epile Mangope.  
Kinders van Mmaphala, ons help mekaar,  
die van Mmaphala, ons help mekaar.  
Sebogotswana het vir Mangope gehelp.

- (b) Woorde wat sinonieme van mekaar is, word in die geval onderstreep, byvoorbeeld in (Bylae A, no. 1.)

Kgosi ya ba ya thothomela mmele.  
Ka bona a tsutsubanya sefatlhego  
ka be ka bona a roromisa melomo.  
En die kaptein se lyf bewe toe.  
Ek sien toe hy plooi sy voorkop  
en ek het toe gesien sy mond bewe.

In die eerste reël is die woord "thothomela" en in die derde reël die woord "roromisa" sinonieme van mekaar. In dieselfde gedig ook die voorbeeld.

pelo ya gagwe ya tlala bodila;  
ya tlala bodila  
bodila-dila, botsatsarra.

word sy hart vol bitterheid;  
word hy vol bitterheid  
bitterheid, bitterheid, galbitterheid.

Die woord "bodila" in die eerste en die woord "botsatsarra" is sinonieme van mekaar.

Ook die voorbeeld uit (Bylae A, no. 2).

O rapele badimo ba ga rraago  
o rapelele Kgosi Manyane le Sebogodi  
Bid vir die gode van jou vaders  
bid vir Kaptein Manyane en Sebogodi.

Die woorde "rapele" en "rapelele" is  
variante. Uit Bylae A, no. 3 kom die  
volgende voorbeeld.

e kile ya loma Morena Pilane.

E mo lomile fela  
ga se ke ga re sepe.

hy het een keer vir Kaptein Pilane gebyt.  
Hy het hom sommer net gebyt  
en niemand het iets gesê nie (niks het  
gebeur nie).

Die woorde "loma" en "lomile" is variante.  
Die herhalings kan ook gebruik word by  
verkleinwoorde, meervoude, vroulike en  
manlike vorms van woorde.

- (c) Woorde waarin gemeenskaplike semantiese  
kenmerke ingesluit word, soos byvoorbeeld  
verkleinwoorde en meervoude. Die volgende  
voorbeelde is nie identiese sinonieme  
van mekaar nie, maar daar is byvoorbeeld,  
herhaling deur middel van verkleinwoorde.  
Byvoorbeeld (Bylae A no. 19).

mmotlana a se beletse namane  
a re thwaa-thwaa kwa sakaneng.

terwyl die jonger broer die kalf hokslaan  
hy slaan klap-klap daar by die kraal.

Die woorde "motlana", "namane" en  
"sakaneng" is almal verkleinwoorde.

Ook die voorbeeld uit (Bylae A, no. 12).

Dikhutsana di iketa batsadi,

ba iketa batsadi, balotsanyana.

Die weeskinders bekommer hulle ouers,

hulle bekommer hulle ouers, die towenaartjies.

Ook dié voorbeeld uit dieselfde prysgedig-

Ba etsa moithala

le le ha garenyana,

Ka ere ha ba ya go feta sekgwana.

Hulle maak soos hulle voorgangers

wat tussen in is.

As hulle by die boskasie verbyloop.

Die woorde "garenyana" en "sekgwana" is albie verkleinwoorde.

- (2) Die skuins linieêre herhalingspatroon wat van regs na links loop.

(Bylae A, no. 5).

Nna ga ke monna, ke mosimane;

mosimane o siamelwa ke dilo,

monna ga di mo nnele jalo.

Ek is nie 'n man nie, maar 'n seun;

'n seun verkry dinge maklik,

maar met 'n man is dit nie so nie.

Die frase en gedagte wat herhaal word, is

"ga ke monna ke mosimane". Die frases

"o siamelwa ke dilo" en "di mo nnele jalo"

in die tweede en derde reëls respektiewelik,

is byvoeglike frases, wat iets nuuts bring

in die voordrag.

Die boustene waaruit die bogenoemde fragment

bestaan, is dus: "Nna ga ke monna ke

mosimane, o siamelwa ke dilo, monna di mo


nnele jalo", en die prysdigter het die

boustene gebruik om 'n patroon saam te stel.

As die letters van die alfabet gebruik word om die frases ter sprake te nommer, word die volgende verkry.

<sup>a</sup>Nna / ga <sup>b</sup>ke <sup>c</sup>monna / ke mosimane  
<sup>c</sup>mosimane / o <sup>d</sup>siamelwa ke dilio  
<sup>b</sup>monna / di mo <sup>d</sup>nnele jalo

As die bostaande linieër verbind word, dan lyk dit so:




Nog 'n voorbeeld van die tipe parallelisme verskyn in (Bylae A, no. 18).

Ka <sup>a</sup>re: He / ke <sup>b</sup>go <sup>c</sup>gamele / selo se se ntseng jalo;  
ke <sup>b</sup>go <sup>c</sup>gamele / se se matalo-talo

Ek sê toe: "Haai! moet ek vir jou so 'n ding melk; moet ek vir jou so 'n maer ding melk?"

Linieër sal die patroon soos volg wees.




Die skuinslyn herhaling van regs na links, funksioneel net soos die voorafgaande, maar soos die naam aandui is die rigting wat die lyne volg ander, byvoorbeeld (Bylae A no. 8)

<sup>a</sup>Bathoeng a <sup>b</sup>sia / a <sup>c</sup>sena / <sup>d</sup>hutse  
<sup>d</sup>a <sup>c</sup>beteletse / <sup>e</sup>hutse / sehubeng


Bathoeng het sonder 'n hoed gevlug,  
hy het sy hoed op sy bors vasgedruk.





Nog so 'n tipe van herhaling waar die eerste reël 'n prysnaam insluit en die eindfrases van beide reëls dieselfde betekenis het. (Bylae A, no. 12).

Rramadigane / o diga / ditlhare  
 motho / o diga / malubu le maoka  
 Omgooier wat bome omgooi,  
 hy gooi wilger en soetdoringbome om.



Die volgende skuinslynherhaling van regs na links behels vier versreëls, vergelyk Bylae A, no. 20.

Ga<sup>a</sup> re / ga o kake<sup>b</sup> wa ja / kgomo e<sup>c</sup> timetswe / Moletsane<sup>d</sup>  
 kana<sup>e</sup> / matimelwa<sup>c</sup> / a jewa<sup>b</sup> / ke mogoloo<sup>d</sup>  
 a jewa<sup>b</sup> / ke Ntshe<sup>d</sup>, morwa RraMorakile  
 motlhanka<sup>f</sup> / o ja<sup>b</sup> / kgomo ya mophato<sup>g</sup>


Daar word gesê jy kan nie 'n bees eet wat weg (verdwaal) is nie, Moletsane,

want die beeste wat verdwaal is, word deur jou ouer broer geëet,

hulle word geëet deur Ntshe, seun van RraMorakile.

Die dienaar eet die bees van die leeftydsgroep.

Die linieëre patroon sal dus so lyk:-



Jy kan nie 'n bees eet wat verdwaal het nie,  
 Moletsana, want die verdwaaldes word deur jou ouer  
 broer geëet hulle word geëet deur Ntswe, seun van  
 RraMorakile die dienaar eet die bees van die leef-  
 tydsgroep.


(3) Kruislyn herhalingspatrone (kruisparallelisme)

By dié tipe van herhaling loop die lyne beide  
 van regs na links en van links na regs, die twee  
 patrone, of dan die versreëls, is afhanklik van  
 mekaar, (Bylae A, no. 2).

<sup>a</sup>Khunou / ya <sup>b</sup>mafula a'a <sup>c</sup>theetsa / dumela  
<sup>c</sup>dumela / notshe e tona / <sup>a</sup>lellakoma  
 Dagsê, Rooie, wat luisterende wei,  
 dagsê groot by, hommelby.

Die begin en die einde van die alternatiewe versreëls  
 bestaan uit prysname.


Die linieêre patroon lyk dus so -



'n Volgende voorbeeld sien as sulks daaruit,  
 soos in (Bylae A, no. 9)

<sup>a</sup>o a <sup>b</sup>nthaga / o <sup>c</sup>nthagile / ka <sup>a</sup>tlhako ya marago  
<sup>c</sup>ya <sup>d</sup>pele / ya itsemeletsa / go <sup>a</sup>nthaga  
 wou skop, sy het my geskop met die agterpoot.  
 Die voorste was te lui om my te skop.

Die patroon is dus -




Nog 'n voorbeeld om die kruisparalellisme aan te toon is te vind in (Bylae A, no. 6).

dilo / tse di mo Bophuthatswana / di a ratana  
Go ratana / Tholo le Tshwene

alles wat in Bophuthatswana is, is lief vir mekaar.  
'n Koedoe is verlief op 'n Bobbejaan.

Die beeldspraak verwys na die samewerking tussen stamme, vandaar die verwysing na die totemdiere. Die linieêre patroon sien so daaruit:



Die vraag wat moontlik op die stadium mag opduik, is die maatstaf wat gebruik word om die versreël te verdeel in frases. Met ander woorde wat is 'n frase en wat nie?

Dit is moeilik om 'n deurlopende reël te gee wat deurgaans getrou nagevolg sal word. Daar kan net genoem word dat daar voorkeur verleen word aan groter eenhede.

As die laaste voorbeeld geneem word, sal opgemerk word wat met die stelling bedoel word.

Nog 'n voordeel van die gebruik van groter eenhede, is dat die hoeveelheid van linieêre lyne dan so talryk sal wees dat dit tot verwarring sal lei.

Voorts sal opgemerk word dat by die skuisherhalingspatrone, waarvan dieselfde elemente elke keer herhaal word, selde oor meer as drie reëls voorkom, aangesien dit by die derde versreël alreeds trefkrag begin verloor, asook die verwysing na die oorspronklike bron.

(4) Die Vertikalelyn Herhalingspatroon

Bogenoemde kom voor as dieselfde frases wat in die eerste reël gebruik word op dieselfde plekke voorkom in die tweede of moontlik derde reël, byvoorbeeld (Bylae A, no. 11).

          a                  b                  c  
tlhakotsa / maoto / morwa Sebogodi  
          a                  b                  d  
tlhakotsa / maoto / ra'a go tllhabana  
vee af jou voete, seun van Sebogodi,  
vee af jou voete, ons gaan veg.

Linieêr lyk die patroon so -

  a          b          c  
  ↓          ↓            
  a          b          d

Nog 'n voorbeeld uit dieselfde prysgedig, strek oor vier reëls. Die eerste twee reëls pas saam en reëls drie en vier pas saam, maar tog vorm die vier reëls 'n geheel en is hulle onskeibaar.

          a          b          c  
a ba / a lala / a sa fitlhola  
          a          b          c          d  
a ba / a lala / a sa ja / Mofurutshe  
          b          c          d  
a lala / a sa ja / morwa Sebogodi  
          b          c          d  
a lala / a sa ja / motswa Thamagana  
dan slaap hy sonder om ontbyt te eet  
en hy slaap sonder om te eet, die Mofurutshe,  
en hy slaap sonder om te eet, seun van Sebogodi,  
en slaap sonder om te eet, die afstammeling van die groue,

Linieêr lyk die patroon so -


  a          b          c                  d  
  ↓          ↓          ↓                  ↓  
  a          b          c                  d  
          ↓          ↓                  ↓  
          b          c                  d  
          ↓          ↓                  ↓  
          b          c                  d

Daar word gelet dat die d's verbind word.  
 Dit word gedoen omdat al drie verwant is, daar  
 almal lede van die Bafurutshestam is.  
 Nog 'n voorbeeld van die tipe herhaling word  
 gekry in (Bylae A, no. 14).

$\begin{array}{ccc} a & b & c \\ \text{Go feta} / \text{Thakadu} / \text{mo Kolontwaneng} \\ a & b & c \\ \text{go feta} / \text{Thakadu} / \text{ngwana wa ga Bogatswi} \\ a & b & c \\ \text{go feta} / \text{Thakadu} / \text{morwa Mokalaka} \end{array}$

Daar gaan 'n Erdvark verby wat aartappels liefhet,  
 daar gaan 'n Erdvark verby seun van Bogatswi,  
 daar gaan 'n Erdvark verby seun van Mokalaka.

Linieêr lyk die patroon so -




(5) Die Horisontalelyn Herhalingspatroon

Herhalings wat in dieselfde reël voorkom veroorsaak  
 die herhalingspatroon byvoorbeeld (Bylae A, no. 1)

$\begin{array}{ccc} a & a & b \\ \text{lo bone} / \text{lo bone} / \text{semariri o etla} \\ \text{sien, sien, die harige (een) kom aan.} \end{array}$

Linieêr lyk dit so -




Nog 'n voorbeeld in Bylae A no. 1.

$\begin{array}{ccc} & & b \\ \text{Batswana ba ba filwe kgosi} / \text{e tletse nonofo} \\ a \text{ tletse } b \text{ nonofo} / a \text{ tletse } b \text{ nonofo} / a \text{ tletse } b \text{ nonofo} \end{array}$

Die Tswana's is 'n kaptein gegee wat dit kan vermag;  
 wat vol mag is, wat vol mag is, wat vol mag is.

Linieêr lyk die patroon so -



(6) Onderbrokelyn Herhalingspatroon

In die eerste reël word 'n patroon daargestel. Dan kan daar een of meer opeenvolgende reëls voorkom, en dan volg 'n reël wat die patroon wat in die eerste reël daargestel is, herhaal. Dit het dan die gebroke linieêrellyn tot gevolg.

Alhoewel die lyn onderbroke is, word die onderbrokelyn nie as 'n nuwe patroon beskou nie, maar as uitbreiding of voortsetting van dit wat reeds bespreek is.

So 'n voorbeeld word verkry in Bylae A no. 10.


    a          b  
Di tswa / Shashe  
    c          d  
di tla / di o latetse  
    a          b  
di tswa / Shashe

Hulle kom van Shashe af;

hulle kom na die pan toe (hulle volg dit),

hulle kom van Shashe;


Die reëls sal dan linieêr so verbind word -



Nog so 'n voorbeeld kom voor in (Bylae A, no. 20)

    a          b          c  
Selepe se se / utlwaletse / kgakala-kgakala  
    d                  e  
ko teng-teng / kwa gare ga lefathse  
    f                  c  
kwa go Kubu / kgakala-kgakala

daar word beweer dat die byl baie ver is baie diep, in die middel van die aarde daar by Kubu baie ver.



Soos uit die voorbeelde blyk, word die herhaling baie selde deur meer as een reël onderbreek. Dit hou verder in dat die eerste patroon en die herhaling daarvan binne een strofe moet val. As die tipe patrone in verskillende strofes voorkom, dan vorm hulle nie 'n eenheid wat as 'n patroon beskou kan word nie, en sal dus nie pas by die raamwerk wat reeds uiteengesit is nie.

(7) Klimaks- of Hoogtepunt herhaling

Enige herhalingspatroon kan tot 'n hoogtepunt lei. Die herhalingspatrone wat tot dusver gegee is, het nie juis tot 'n hoogtepunt gelei nie. Daar is immers nie sulke voorbeelde gekies nie. Die herhalings het slegs die voordrag bevorder en bevoordeel.

Hoogtepuntherhaling berus op die uiteensetting van 'n hiërargie van gedagtes en is nie afhanklik van 'n spesifieke herhalingspatroon nie, alhoewel dit tog kan gebeur, soos later gesien sal word.

Dit berus ook eerder op gevoel en op eie voorkeure dat party uitdrukkings of metafore meer sê as ander. 'n Eie oordeel kan in die geval gemaak word uit die volgende voorbeelde, byvoorbeeld Bylae A no. 1.

1. Kgosi ya ba ya thothomela mmele.
2. Ka bona a tsutsubanya sefatlhego
3. ka be ka bona a roromisa nelomo
4. ga thiba le meuwane,
5. pula ya ba ya sarasara;
6. magadima a benya lebeke-beke
7. tladi ya batla e re kgekgethela nageng.

1. En die kaptein se lyf bewe toe.
2. Ek sien toe hy plooi sy voorkop
3. en ek het toe gesien sy mond bewe
4. en die misweer het toe 'n skans gevorm,
5. en die reën het toe saggies geval;
6. die bliksemstrale het helder geblink
7. en die weerligstraal het ons toe amper in die veld vernietig.

Die eerste drie reëls gee blote menslike reaksies, en die laaste vier reëls gee die tipiese opbou van 'n swaar storm wat na vernietiging lei. As na die werking van die natuurelemente gekyk word, is dit pragtige personifikasie wat die kaptein se woede en daaropvolgende handeling nouliks beter kan uitbeeld. Nie alleen lei woorde hier tot 'n hoogtepunt nie - "tladi ya batla e re kgekgethela nageng", maar die gedagtes ook en die handeling vervat in die gedagtes. As daar geluister word na die kunstenaar tydens die voordrag kan dit te meer opgemerk word.

Ook die volgende voorbeeld uit (Bylae A. no. 2)

o re setshaba sa gago se a bopama;  
 kgomo di a swa;  
 tsatsi le eme  
 methepa ga e tlhe e pepa.  
 en sê vir hulle dat jou stam maer is;  
 die beste vrek;  
 die son is baie warm (die son staan stil)  
 die jongmeisies is onvrugbaar.



In die voorbeeld is die prysdigter besig om 'n baie donker prentjie te skilder.

Elkeen wat swaarkry ken, veral die boere en landbouers, word elke keer voor 'n nog groter werklikheid te staan gebring.

In die eerste reël sê die prysdigter die stam word maer, en dit is al erg, en ook dat die beste vrek. Die bees is vir die tradis-

ionele Tswana die middelpunt van sy bestaan.

Dan die hitte, wat die gemoedere nog verder ontstig, maar dan die finale slag, die

hoogtepunt, in die vierde versreël : die jong meisies baar nie meer kinders nie.

Dit is 'n vernietigende slag, die hele menswees en mensgeslag word hier voor die ontsettende feit gestel dat die voortbestaan bedreig word.

Die laaste voorbeeld wat bespreek word is in Bylae A no. 12.

1. Ga e a ema, e purutlela motho,
  2. ya tshwara motho,
  3. ya mo ja mediêpê,
  4. ya mo tlogela a sena go athlama,
  5. ya mo tlogela a kaname,
  6. ya hula a bile a letse 'roko jwa malalla ruri.
1. Hy het nie net gestaan nie, hy bespring 'n mens,
  2. hy gryp toe 'n mens,
  3. hy het hom toe verskriklik verskeur (flenter geskeur)
  4. hy het hom gelos toe hy reeds gegaap het,
  5. hy het hom gelos toe hy op sy rug lê,
  6. hy het toe berus, want hy was reeds in die doodslaap.

Hier word die kaptein se woede met die van 'n leeu vergelyk en die woede gaan oor in handeling. Onmiddellik word gevrees vir die persoon se lewe, maar soos diegene wat 'n aanval deur 'n leeu gesien het, is daar nog hoop. Die hoop verflou egter met elke opeenvolgende reël.

In die eerste twee reëls word die persoon bespring en gegryp, maar daar is nog hoop. In die derde reël word hy verskriklik verskeur en die hoop taan. In die vierde en vyfde reëls is dit duidelik dat die verwagting, dat die mens lewend uit die geveg sal kom, op 'n klein bietjie hoop berus, maar in die laaste strofe word alle hoop verydel as jy agterkom dat die dood reeds ingetree het. Om die harde werklikheid so effens te verbloem en te versag praat die kunstenaar hier van doodslaap of ewige slaap, maar nogtans bly dit die hoogtepunt van 'n bloedige aanval op 'n mens. Soos reeds gesê, aanvanklik was daar hoop wat met elke reël minder geword het, en toe met een finale slag totaal verpletter is.

(8) Herhaling van gedagtes

Die herhaling van gedagtes en indirekte verwysings word daargestel sonder om die identiese woorde of frases te herhaal. Die voorkoms van die tipe herhalings, uit 'n linieêre oogpunt beskou, is dieselfde struktuurpatrone wat gesien is by die herhaling van woorde, wat onder (a. 1) vroeër in die hoofstuk bespreek is. Daarom word slegs voorbeelde gegee van die herhalings, en na die tipe van linieêre-verbinding of -herhalings word slegs na verwys om die eenheidsgedagte te behou. Die herhalings word onderstreep in die volgende voorbeelde.

(8) (i) Die gedagte van vrees, (Bylae A, no. 1).

Tshadikgolo, bomme / ba tshaba / le go mo seba

Masiela / a lela / go mo utlwela

Die  vrouens, moeders, is bang om hom te beskinder.

Die suigelinge huil as hulle van hom hoor.

Dit is 'n skuinslinie re patroon wat van links na regs, of van regs na links loop.

(ii) Die gedagte van hoogte, (Bylae A no. 2)

lewattle la efoga Morena / a feta, a feta.

A le / godimo, dimo, dimo, dimo, dimo

/ Gaufi le naledi e tshweu / selemela.

Hy het baie hoog verbygegaan

naby die wil m rester.

Die wind het hom toe alleen voortgedryf.

Dit is 'n skuinslinie re patroon wat ook van regs na links, of links na regs loop.

(iii) Nog 'n gedagte van hoogte, dieselfde voorbeeld as hierbo -

Gaufi le maledi a tshweu selemela

naby die wit m rester.

Dit is 'n horisontale linie re herhalingspatroon.

(iv) Uitnodiging vir byvoorbeeld, moedigheid, (Bylae A, no.4)

/Dithutsana / le tlogele go tlhonama

/masiela / a boele gae

Weeskinders, moenie moedeloos wees nie.

Die weeskinders moet terugkeer huis toe.

Dit is 'n vertikale linie re herhaling.

- (v) Herhalings van gedagtes en idees kom ook voor waar die "held" geïdentifiseer word met sy prysname. Soos reeds genoem, kan so 'n persoon baie prysname hê, en daar kan aldus in die een reël verwys word na hom met 'n sekere prysnaam en in die daaropvolgende versreël, met 'n ander prysnaam, ensovoorts. Kyk byvoorbeeld na die voorbeeld (Bylae A, no. 2)

/Khunou ya mafula a'a theetsa / dumela

/dumela / notshe e tona, lellakoma

/dumela / tshetlha ya maralla-thota;

tau tshetlha, selalome

Dagsê, Rooie, wat luisterende wei,

dagsê groot by, hommely

dagsê, vale, wat op die heuwels rondwaal

die vaal leeu, die ondier.

- (9) Herhaling van sintaktiese sinseindes

Een van die treffendste voorbeelde van parallelisme is waar die grootste gedeelte van die reël sintakties herhaal word, maar met 'n nuwe woord aan die einde van elke opeenvolgende versreël.

Sien byvoorbeeld (Bylae A, no. 1).

o godile / o kana ka / tsiamopo

o kana ka / leokotsane

o kana ka / bobabakgomo garataro

hy is groot, so groot soos 'n swerm treksprinkane;

hy is so groot soos 'n suikermier,

hy is so groot soos 'n geskenk van drie beeste.

Nog 'n voorbeeld uit (Bylae A, no. 11).

a ba / a lala a sa fitlhola  
a ba / a lala a sa ja / Mofurutshe  
a lala a sa ja / morwa Sebogodi  
a lala a sa ja / motswa Thamagana

dan slaap hy sonder om ontbyt te eet  
en hy slaap sonder om te eet, die Mofurutshe,  
en hy slaap sonder om te eet, seun van Sebogodi,  
en slaap sonder om te eet, die afstammeling van die groue.

Nog 'n voorbeeld van die tipe herhaling word gevind  
in (Bylae A, no. 14).

Go feta Thakadu / selelelamagwele  
go feta Thakadu / ngwana wa ga Bogatswi  
go feta Thakadu / morwa Mokalaka.

Daar gaan 'n Erdvark verby wat aartappels liefhet,  
daar gaan 'n Erdvark verby seun van Bogatswi,  
daar gaan 'n Erdvark verby seun van Mokalaka.

(10) Woordspeling

By woordspeling is ook herhaling. Dit is partykeer  
moeilik om die begrippe te vertaal, want in byvoorbeeld  
een geval sal die herhaling uit verwante eenhede of  
idees bestaan, en in ander geval sal die klankoor=  
eenkoms bloot toevallig wees, byvoorbeeld  
(Bylae A, no. 21).

ya tshema-tshema, ya sasamala,  
ya kgeloga Moeding,  
ya tatamala, ya ralala Huhudi,  
ya tsatsanka, ya kgabaganya Madibe.  
hy het toe gedrafstap, en reguit koers gekies,  
hy het toe deur Moeding (Tierkloof) gegaan,  
hy het toe regdeur Huhudi (Vryburg) gegaan,  
hy het toe vasgetrap en oor die Madiberivier gegaan.

Dit is interessant hoe die prysdigter hier met die woorde speel, en in pare gebruik, byvoorbeeld -

tatamala en ralala  
tshema-tshema en sasamala  
tsatsanka en kgabaganya

Dit lyk asof die woordspeling outomaties voorkom, en terwyl die kunstenaar besig is met die voordrag, sien hy skielik die geleentheid om woordspeling toe te pas. Hy doen dit dan op die ingewing van die oomblik sonder voorbedagte rade, byvoorbeeld (Bylae A, no. 1).

Nyeleu le legolo Segabariele / sephamolabatho  
Groot engel Gabriël, jy wat mense gryp.

Kyk ook na die voorbeeld uit (Bylae A, no. 2).

Erile a ile moseja maloba,  
a le moseja wa lewatele le le hibidu,  
bogale ba tau ba kgalema mo dithoteng.  
Ya kgalema mo dithoteng -  
thoteng ksa lefatsheng la baditshaba,  
Toe hy nou die dag oorsee was,  
toe hy oorkant die Rooisee was,  
was die woede van die leeu oor die heuwels hoorbaar.  
was hy hoorbaar dwarsoor die heuwels,  
die heuwels waar sy mense bly.

Ook die voorbeeld uit (Bylae A, no. 6).

Re lebile wena Sephuthaditshaba;  
re lebile wena Phatswaemaneila,  
Phatswa, e mo kgomong tsa ga Sebogodi.  
Ons kyk na jou Stambouer;  
ons kyk na jou Veelkleurige,  
Swartbonte, wat tussen die beste van Sebogodi is.

Ook die voorbeeld uit (Bylae A, no. 8).

Bathoeng a sia a sena hutse,  
a beteletse hutse sehubeng.  
 Bathoeng het sonder 'n hoed gevlug,  
 hy het sy hoed op sy bors vasgedruk.

Uit die voorafgaande voorbeelde sal opge-  
 merk word dat die herhaling nie op die  
 semantiek berus nie, maar op die klanke se  
 verhouding tot mekaar. Die voorkoms van  
 die frases of klanke stem baie nou ooreen,  
 met die voorbeelde vroeër in die afdeling  
 bespreek. Dit sal dan ook opgelet word  
 dat baie van die voorbeelde aard na die  
 skuinslyn liniêre herhalingspatroon wat  
 van regs na links loop of van links na regs,  
 en as die laaste voorbeeld bekyk word, sal  
 die liniêre patroon as sulks daar uitsien -

.....Phatswaemaneila  
 Phatswa .....

Die patroon is dus -

.....X  
 .X.....

(11) Samevatting

In die voorafgaande voorbeelde is getrag om  
 elke tipe van herhaling in net een voorbeeld  
 aan te toon. Die hoofogmerk van die afdeling  
 moet nie as gevolg hiervan uit die oog ver-  
 loor word nie, naamlik die verbinding van  
 versreëls.

Volgens Cope (1968, p. 38) het die prysgedig  
 al die kwaliteite wat poësie van prosa  
 onderskei. Poësie het 'n groter rykheid,  
 groter konsentrasie is meer evokatief, is  
 meer gemotiveerd en meer gedenkwaardig as

prosa. Die kwaliteite word verkry deur die gebruik van verbeelding, verstrek deur herhaling in 'n verskeidenheid van vorme waarvan een parallelisme is. Herhaling het ook dan 'n paar baie belangrike funksies soos uit die voorafgaande afgelei kan word.

(a) Die herhaling van 'n sleutelreël of sleutelwoord beklemtoon die spesifieke gedagte. Dit dien dus om te benadruk en te intensiveer.

(b) Deur middel van herhaling kan 'n sekere gevoel opgewerk word:-

Byvoorbeeld Hoogte - (Bylae A no. 2).

godimo, dimo, dimo, ensovoorts.

Versekering - (Bylae A no. 1).

a tletse nonofo, a tletse nonofo ens.

Woede -(Bylae A, no. 1).

bodila-dila, botsatsarra

Bewondering - (Bylae A, no. 1).

..... o godile

o godile .....

o kana ka .....

(c) Sekere woorde word benadruk en bepaalde woord effekte word aldus bereik.

(d) Herhaling gee ook musikaliteit aan die prysgedig.

(e) Byna elke aspek van digkuns, en in 'n groot mate ook die prysgedig steun op herhaling, soos reeds voorheen genoem deur Cope (1968, p. 38).



## 5.2.2 Klankgebruik

### 5.2.2.1 Inleiding

De Villiers (1965, p. 24) sê dat die rol van die hoorder nooit as passief beskou moet word nie. Hy is immers net so 'n taalgebruiker as wat die spreker dit is.

Die taalvorme wat die luisteraar in die spraak probeer herken, is woorde en ander betekenisvolle taalelemente, en beslis nie die sogenaamde klanke wat ons in die skrif as letters aandui nie.

Op (p. 119) sê hy voorts dat taalvorme tweesydigeeenheid is; eenheid met 'n hoorbare of waarneembare vorm enersyds, en 'n begriplike vorm, die betekenis andersyds. Die verband tussen die waarneembare vorm en die betekenis is onverbeterlik; 'n klankvorm sonder betekenis is geen woord nie en 'n betekenis sonder klankvorm bestaan nie.

Dit bring dus mee dat die klankvorm saam met betekenis 'n eenheid is.

'n Verdere kardinale punt is dat die term klankvorm en begriplike vorm inhou dat elkeen van hierdie twee aspekte 'n redelike mate van konstantheid moet vertoon. Dit is eintlik vanselfsprekend, want as die basiese taalvorme willekeurig sou fluktueer of wissel, sou daar geen verstandhouding tussen spreker en hoorder kan ontstaan nie.

Vir die alledaagse taalgebruiker lê die eenheid van 'n woord se verskillende "betekenisse" daarin dat hy of 'n gemeenskaplike begripskern of 'n ketting van aaneensluitende begrippe daarin sien.

Die skrywer verwys ook na klankskildering (p. 157) en bedoel daarmee die gevalle waar die klankvorm van die woord nie bloot tradisioneel en willekeurig is nie, soos by die meeste woorde, maar deur klank self sy betekenis oordra of suggereer.

Verder word ook onderskei:-

(a) Klanknabootsing-

Dit is die weergawe van waargenome geluid deur die menslike spraakorgane. Die nabootsing dien om vir die hoorder die betrokke geluid te skilder of voor te stel.

Dit kom baie voor in Tswana en so ook in die prysgedig, byvoorbeeld Bylae A no. 5.

a tlhakanye ijoo! le Mma, ntshwarang!  
dan meng hy eina! en Moeder, bewaar my.

en (Bylae A, no. 11).

kiri kiri thamokima.  
..... die dik nek.

en (Bylae A no. 12).

Phuru-phuru e tlhaba ditshaba  
..... hy steek die nasies.

en (Bylae A, no. 13).

Nna lethuge-thuge yo ke mang yo.  
Wie is dan die een wat flenters kap.

(b) Klanksimbolisering -

Die woorde beoog nie die benadering van 'n gehoorde geluid nie, maar evokasie van bewegings en gevoelens, byvoorbeeld (Bylae A, no. 11).

Kgomo di siile monyorometsegi;  
Die beeste het weggebars en weggehardloop.

en (Bylae A, no. 12).

kopu-kopu madi a tswa legateng,  
die bloed het uit die skedel gestroom.

### 5.2.2.2 Alliterasie

Soos sy sinoniem ook aandui, is alliterasie ook medeklinkerryim. Dit behels dus die herhaling van dieselfde medeklinker binne dieselfde versreël. Alliterasie kom nie so dikwels voor nie. Dit is dus nie 'n doelbewuste kunstenaarsbydrae nie, maar is dikwels as gevolg van die taal self, vergelyk Bylae A no. 1.

Nyeleu le legolo Segabariele, sephamolabatho.  
Groot engel Gabriël, jy wat mense gryp.

Alliterasie het egter ook belangrike funksies om te vervul om die herhaling sinvol en luisterryk te maak.

- (a) Dit skep 'n atmosferiese effek.
- (b) Dit is dan ook by uitstek 'n bindmiddel.
- (c) Dit hef woorde uit, gee so reliëf aan woorde.
- (d) Laastens verhoog alliterasie die musikaliteit en die klankwaarde, en aldus die kwaliteit van die vers.

Enkele voorbeelde; byvoorbeeld (Bylae A, no. 12).

Mangope o gana go ya ditshabeng;  
o ganela ga gagwe, Lehurutshe,  
Mangope weier om na die stamme te gaan;  
hy neig na sy tuiste, Lehurutshe.

en ook (Bylae A, no. 13).

yo o kola ya ntshe e ntsho, Motshwene,  
hy met die pluim van die swart volstruis, Bobbejaan.

ook (Bylae A, no. 26).

Ke boka seaparankwe sa rona sa ga Maidu  
Ek prys ons Kaptein van Maidu.

asook die volgende voorbeeld, (Bylae A, no. 25).

Ke letlhogela la leje letala, yo'o Mankurwane,  
Hy is 'n afstammeling van die groen rots, Mankurwane.

### 5.2.2.3 Assonansie

Assonansie het te doen met die herhaling van vokale op kort afstande na mekaar, en dit impliseer dus dat die vokaalklanke in dieselfde versreël moet ooreenstem.

- (a) Assonansie verhoog die klankgehalte.
- (b) Dit skep atmosfeer.
- (c) Wanneer die vokale meer beklemtoon word, dan voorkom dit ook eentonigheid.
- (d) Dit beklemtoon ook die eenhede of frases.

In die afwesigheid van die metrum in die prysgedig is assonansie dan ook 'n stilistiese faktor.

Kyk byvoorbeeld na die volgende voorbeeld uit Bylae A no. 11.

O tla tshweu morwa Sebogodi,  
yo'o pelo tshweu, morwa Sebogodi,  
yo'o montle le pelo, morwa Sebogodi.  
Hy kom goed reg, die seun van Sebogodi,  
hy wat goedhartig is, seun van Sebogodi,  
hy wie se hart ook mooi is, seun van Sebogodi.

asook die volgende voorbeeld uit (Bylae A, no. 11).

a ba a lala a sa fitlhola  
a ba a lala a sa ja, Mofurutshe,  
a lala a sa ja, morwa Sebogodi,  
a lala a sa ja, motswa Thamagana.  
Hy slaap sonder om ontbyt te eet  
hy slaap sonder om te eet, die Mofurutshe,  
hy slaap sonder om te eet, seun van Sebogodi,  
hy slaap sonder om te eet, afstammeling van Thamagana.

Nog 'n voorbeeld uit (Bylae A, no. 12).

Mangope o gana go ya ditshabeng;  
o ganela ga gagwe, Lehurutshe.  
Mangope weier om na die stamme te gaan;  
hy neig na sy tuiste, Lehurutshe.

#### 5.2.2.4 Ander herhalings

Eindassonansie of eindrym is nog 'n voorbeeld van klankgebruik, maar dit is meer 'n geval van 'n taal karakteristiek as doelbewuste kunstenaarsbydrae, en kom dus toevallig voor, byvoorbeeld Bylae A no. 13.

thobane e a ša,  
sedimo se a wa,  
Morwa o a wa,  
motho o a bolawa.  
die kierie brand,  
die hemel val,  
die Boesman val,  
'n mens word gedood.

en ook die voorbeeld uit (Bylae A no. 12).

Bana ba ga Mmaphala re epanye,  
ba ga Mmaphala, re epalanye.  
Sebogotswana o epile Mangope.  
Nna, phale, ke sule ke robegile.

#### 5.2.2.5 Die funksies van herhaling

Guma (1967, p. 16) sê dat die prysgedig nie vir die oog nie, maar vir die oor gekomponeer word, dit wil sê, vir 'n luisterende gehoor en nie soseer vir 'n lesende publiek nie. Om die rede is die oordra van aksies en gedagtes op 'n spesifieke wyse baie belangrik, en word dit gedoen in poëtiese taal,

wat mekaar nie noodwendig sistematies opvolg van begin tot einde nie. Hiervoor is klankgebruik dus van deurslaggewende belang.

### 5.2.3 Woordgebruik

Die prysgedig prys oor die algemeen handeling, en die handeling kan nouliks geprys en beskryf word sonder woorde. 'n Woord kom ook eers tot sy reg wanneer daar 'n vennootskap van klank en betekenis is. Die gesproke woord is van deurslaggewende belang vir die prysgedig, en soos reeds genoem, word die prysgedig vir die oor en nie vir die oog gekomponeer.


Woorde word op verskillende maniere gebruik om verskillende effekte te verkry. Voorts is daar by die prysgedig ook woordekonomie, as gevolg van die vinnige voordragswyse, en as 'n idee of gedagte op 'n baie kort manier gesê kan word, val dit ideaal in die hele gedagtegang van die prysgedig en die woordgebruik van die prysdigter.

#### 5.2.3.1 Beeldspraak

Die beelde wat die prysdigter gebruik, hang saam met sy agtergrond, dit wil sê, die milieu waaruit hy sy ervaring put. Hiermee is die oorsprong van die materiaal wat in beelde gebruik word aangedui. Die proses waarin die beelde hulle ontstaan het, is tweeledig van aard, naamlik, dissosiasie en assosiasie.

Die proses van dissosiasie hou in dat die een eienskap van 'n bepaalde ding (voorwerp) afgesonder en gehou word. Later wanneer 'n sekere ding of voorwerp, die afgesonderde idee of voorwerp weer oproep, tree die proses van dissosiasie in werking. Beeldspraak ontstaan dus deur 'n proses van dissosiasie en assosiasie, en ontstaan wanneer twee voorwerpe teenoor mekaar gestel word, ten opsigte van 'n sekere verwantskap.

Die werking van beeldspraak kan ook vergelyk word met twee sirkels wat slegs op een punt raak, byvoorbeeld.



raakpunt.

Op die sirkelomtrek lê daar 'n oneindige aantal punte, en twee punte kom in aanraking waar die sirkels ontmoet. Dié raakpunt word genoem die derde lig van die vergelyking of die tertium. Die kunstenaar se taak is dan, met die oog op 'n nuwe skepping, om altyd nuwe raakpunte tussen voorbeelde te ontdek. Slaag hy daarin, ontstaan daar 'n nuwe beeld, en dan laat hy die lig terselfdertyd op 'n nuwe faset van die woord val.

#### A. Die Vergelyking

Die bekendste en die mees voor-die-hand-liggendste vorm van beeldspraak is die vergelyking, waar twee dinge (voorwerpe) met mekaar vergelyk word. Woorde wat die vergelyking meebring, is: "jaaka" - soos, "ke" is "etsa" - maak soos, of lyk soos "kana ka" - so groot soos en "ekete" - soos.

Aan die een kant word iets bekends (vertroude) gegee en aan die ander kant die nuwe waarneming.

In die prysgedig word die 'hooffiguur' byna altyd vergelyk met een of ander voorwerp, en uit die milieu van die prysdigter, gewoonlik die natuur, byvoorbeeld slang, by, mier, boom, berg, reën, wind, bees, leeu en nog vele ander. Kyk byvoorbeeld na die volgende paar voorbeelde.

Bylae A no. 1.

nka mmoka ka moso o godile,  
o godile o kana ka tsiamopo;  
o kana ka leokotsane.

Ek sal hom môre prys, hy is groot,  
hy is groot, so groot soos 'n swerm treksprinkane;  
hy is so groot soos 'n suikermier.

Uit dieselfde nommer van Bylae A.

..... semariri o etla  
o tshotse melamu o tshotse phetlane;  
o tshotse le dira ga di bonwe;  
a ba a etsa le mabopa a bopa.  
..... die harige een wat aankom  
Hy het kieres en 'n slaanstok;  
hy het ook geheime werktuie by hom;  
hy het ook toe soos 'n brommer gebrom.

Bylae A no. 3.

Mangope ke tau,  
e kile ya loma Morena Pilane.  
E mo lomile fela  
Mangope is 'n leeu,  
hy het een keer vir Kaptein Pilane gebyt.  
Hy het hom sommer net gebyt.

Bylae A no. 26.

Wena, Mmabatho, betsa dira kopa tlhe molao;  
o tlhomane jaaka thito, re bone go bopa setshaba  
Jy, Mmabatho, slaan die vyande en vra die wet;  
staan vas soos 'n boomstam, dat ons die nasie kan bou.

Bylae A no. 12.

o editse Matsitsile, go kolopa  
a be a etsa Matsemane go atamela.  
hy het net soos Matsitsile gegooi  
en net soos Matsemane nader gekom.

Bylae A. no. 14.

Morena o jafile o tlosa tlala,  
Kgaswana, o jafile o tlosa tlala.



Die Kaptein het goed gedoen deur die hongersnood te verwyder.

Kgaswana, het goed gedoen deur die hongersnood te verwyder.

B. Die Metafoor

Yelland (1962, p. 18) sê: "Metaphor is a figure of speech, in which a comparison is made between two objects, by identifying one with the other. It may be expressed as a definite statement or it may be inferred to."

Van Bruggen en Schonees (1937, p. 32) sê: "Die vergelyking stel twee feite parallel met mekaar, en die metafoor vereenselwig hulle met mekaar.

Die tipe woordgebruik is redelik maklik herkenbaar en kan maklik opgespoor word as daar deur Bylae A gekyk word.

Die metafoor is baie meer gekonsentreerd as die vergelyking, maar moet nie as 'n kort vergelyking gesien word nie.

Die metafoor werk op die beginsel dat twee sake met mekaar vergelyk word. Hier egter word die werklike ding (die werklikheid) nie genoem nie, dit moet self bygedink word. Al wat hier na vore tree, is die beeld. Dit is 'n nuwe woordskepping en die een saak word volkome na die ander oorgedra. Vanweë die metafoor se gekonsentreerdheid is dit korter en bondiger as die vergelyking.

Die metafoor kom ook algemeen in die prysgedig voor, en die hooffiguur word geïdentifiseer met, byvoorbeeld 'n dier, boom, berg, weerligstraal, roofvoël, ens. In die geïdentifiseerde vorm word na hom verwys as doemende 'n daad, byvoorbeeld springende op, grypende, vertrappende, verskeurende, deurborende, vangende en vernietigende sy vyande, ensovoorts. Die metafoor word onderstreep. Kyk na die volgende voorbeeld uit Bylae A no. 1.

Nyeleu le legolo Segabariele, sephamolabatho,  
Groot engel Gabriël, jy wat mense gryp.

uit (Bylae A, no. 13).

ke ene marapo-diphuru Rramenwe.

dit is hy, die een wat bene kou van RraMenwe.

Bylae A, no. 12.

RraMadigane o diga ditlhare,  
Omgooier, gooi bome om.

Bylae A no. 11.

O tla tshweu, morwa Sebogodi,  
yo o pelo tshweu, morwa Sebogodi,  
yo o ntle le pelo, morwa Sebogodi  
Hy kom goed reg, die seun van Sebogodi,  
hy wat goedhartig is, seun van Sebogodi,  
hy wie se hart ook mooi is, seun van Sebogodi.

en 'n voorbeeld uit dieselfde prysgedig -

ke tsetse ledimo, ke tsetse pharatlatlhe.

Mmaoto a a dikoro.

ek het 'n reus verwek, terwyl ek vol boosheid was.

Voete wat soos boomstompe lyk.

Bylae A no. 8.

mogatsa mmoláánare  
vrou van die buffeldoodmaker.

Ook die prekende voorbeeld van metafoor soos in  
(Bylae A, no. 23).

Ra e fitlhela nong e adile diphuka,  
e gaketlile ditsebe tsa tonki,  
ntse e duma e bitsa bapalami,  
ya budula dimpa ya re putsuka.

Ons was baie wat in hom ingegaan het,  
ons het baie gretig vir die sitplekke baklei,  
terwyl dit nog sleg sou gaan  
as hy begin om weg te trek en op te styg (verdwyn).

### C. Allegorie

Allegorie behels dat iets beskryf word onder die beeld van iets anders. Dit kan ook omskryf word dat dit die verteenwoordiging van 'n persoon, abstrakte idee of gebeurtenis is wat staan vir iets anders. Kyk na die voorbeeld uit Bylae A no. 9.

mafoko ka a utlwa ka Ntsime  
ga tla Mmamabolo a tshwaela:  
gore bagologolo, ba pele, lo fositse.  
Lo rile Modimo ga o je.  
Nna ntlha ke o fitlhetse kwa seteisening  
a rekile a ja borotho jwa tiki.  
Tautona o jele rantlhasi  
le bana ba sekolo maloba.  
die nuus het ek by Ntsime gehoor  
en toe kom Mmamabolo en stel dit reg:  
dat julle, die ou mense, verkeerd is.  
Julle het gesê die Here eet nie.  
Hoekom het ek hom dan by die stasie gekry  
terwyl hy 'n tiewie se brood gekoop en geëet het.  
Die President het ongesuurde brood geëet  
saam met die skoolkinders nou die dag.

en nog 'n voorbeeld uit dieselfde prysgedig,  
waar President Mangope onder die beeld van iets  
anders beskryf word.

Ga ema lenong le letona  
le le megatlagatla,  
le le reng le thukutha motho dinama,  
a ba a retelewe ke go itata.  
En die groot aasvoël het toe opgestaan  
die een wat baie sterte het,  
wat as hy besig is om 'n mens aan sy vleis rond te skud,  
dan is hy nie in staat om homself te help nie.

#### D. Hiperbool

Die hiperbool se funksie lê in oordrywing,  
vergroting; verkleining of vergroting ter wille  
van effek. Die hiperbool kom algemeen voor in die  
Tswanaprysgedig en speel die rol om die gedagte  
of beeld wat daargestel word te verhelder. Die  
hiperbole word onderstreep.

(Bylae A, no. 1).

o godile o kana ka tsiamopo;  
o kana ka leokotsane,  
o kana ka boabakgomo garataro,  
hy is groot, so groot soos 'n swerm treksprinkane;  
hy is so groot soos 'n suikermier,  
hy is so groot soos 'n geskenk van drie beeste.

(Bylae A, no. 3)

Magosi a mannye lo itlhoboge,  
Mangope ke tau,  
e kile ya loma Morena Pilane.

E mo lomile fela  
ga se ke ga re sepe.

Julle klein kapteintjies moet moed opgee,  
Mangope is 'n leeu,  
hy het een keer vir Kaptein Pilane gebyt.  
Hy het hom sommer net gebyt  
en niemand het iets gesê nie (niks het gebeur nie).

(Bylae A, no. 6).

O re ngwana kwa Mmabatho ga a abule;  
o a taboga.

Bophuthatswana o tsetswe maloba,  
maloba ka kgwedi ya Sedimonthole,  
e palama ere e ya fifing, a tlosa lonao.  
Sê vir hulle die kind by Mmabatho kruip nie;  
hy hardloop al.

Bophuthatswana is nou die dag gebore,  
nou die dag in Desembermaand,  
en voor die einde daarvan, het hy geloop.

### E. Die Funksie van Beeldspraak

Beeldspraak het 'n belangrike funksie in die prysgedig, dit is dekoratief, maar elke beeld lewer ook sy eie bydrae.

Dit skep ook 'n tweede inhoud, in die sin dat beeldspraak aan die prysgedig 'n dieper inhoud gee.

Daar is ook nog die evokatiewe funksie wat beeldspraak vervul, met ander woorde dit verkonkretiseer die werklikheid.

Beeldspraak gee ook hegtheid aan die prysgedig deurdat beeldspraak die gedig heg en vlug help opbou.

'n Beroep op die sintuie word gemaak, en die waarnemingsvermoë word verskerp sodat die dinge rondom 'n mens, beter waargeneem kan word.

Laastens gee beeldspraak ook die essensiële inhoud, en is dus inhoudelik van aard deurdat beeldspraak deurgaans op die 'hooffiguur' van toepassing gemaak word.

#### 5.2.3.2 Leenwoorde

Nadat die Tswana in aanraking gekom het met die Blanke is sekere woorde oorgeneem uit Afrikaans en Engels. Die woorde of begrippe wat oorgeneem is, het die Tswana aangewend vir wat vir hul vreemd aan hul kultuur is. Aangesien die kontak tussen Blankes en Tswanas nou was, is die woorde in die Tswana se taal opgeneem om kommunikasie moontlik te maak.

Die Tswana het, as gevolg van sy taalstruktuur, die leenwoorde nie net so oorgeneem en gebruik nie, maar die woorde verander om aan te pas by die Tswana spreker.

Dit is al so ver ingewortel in Tswana dat baie van die jonger Tswanas, waarmee oor die saak gesels is, nie beseft het dat dit wel leenwoorde is nie. Neem byvoorbeeld die algemene kleredrag, byvoorbeeld hutse-dihutse- hoed, hempe-dihempe - hemp en borukgwe-marukgwe - broek ens.

Ander leenwoorde word weer net so gebruik, soos hulle ontleen is aan die Blanke taal, en word so gebruik om effek te verkry en om, soos een prysdigter gesê het, "aan die ander te wys dat ek die Witman se taal ken."

Baie van die tipe leenwoorde asook hele ontleende versreëls kom voor in die prysgedig van Ditlhong Dipale, Bylae A no. 9.

In dié prysgedig wat uit 104 reëls bestaan, is 27 leenwoorde aangetref van beide tipes waarvan reeds melding gemaak is. Net enkele van die leenwoorde sal weer hier herhaal word, byvoorbeeld;

Nna ntlha ke o fitlhetse kwa seteišeneng  
hoekom het ek hom dan by die stasie gekry.

a rekile a ja borotho jwa tiki  
dat hy 'n tiki (2½c) se brood gekoop en geëet het.

en dan die selfverklarende drie versreëls -

maar Mangope is 'n slim man  
regtig hy praat nie politiek nie  
maar Mangope het meer verstand as Vorster.

Nog 'n voorbeeld uit (Bylae A, no. 1).

Nyeleu le legolo Segabariele, sephamolabatho  
Groot engel Gabriël, jy wat mense gryp.

Ook die voorbeeld uit (Bylae A, no. 24).

Bophuthatswana ga o kake wa kakelwa fela,  
digauta, diplatinama le disamente.  
Bophuthatswana kan nie net so gelaat word nie,  
goud, platina en sement.

ook (Bylae A, no. 26).

Tilo seo sa bogosi ga se go rone  
Daardie kapteinstoel lyk nie snaaks met jou daarop nie.

Die laaste voorbeeld uit (Bylae A, no. 25).

pitsetshweu, lesa, ditômô di repe ntlha o a nyaisa  
witperd los die toom dat hy verslap, want jy is  
nie stewig nie.

en uit dieselfde prysgedig -

Bakgothu ka ba ne ba sa itse  
go pega pitse sale, ba e nyaisa  
omdat die Damaras nie weet  
hoe om 'n perd op te saal, laat hulle hom slap hang.

### 5.3.3.3 Argaïsmes

Argaïsmes behels verouderde woorde of begrippe  
wat nie meer in die alledaagse taal gebruik word nie.  
Die verouderdheid bring mee dat dit oorbodig geword  
het en daar geen nut is om hulle te gebruik nie.

In die meer as 80 "nuwer" prysgedigte waarna  
geluister en wat versamel is, is nêrens 'n vorm van  
argaïsmes aangetref nie.

By ouer prysgedigte, en hier word veral verwys  
na die Tswanaprysgedig, soos deur Schapera opgeteken,  
is daar baie woorde en begrippe wat lyk na argaïsmes,  
maar met die nodige agtergrondskennis kan die woorde,  
ensovoorts, verklaar word, want dit is nie ware  
argaïsmes nie, maar lyk slegs so omdat die Tswanataal  
soos die ander tale ook leef en groei.

Die argaïstiese vorms het moontlik ontstaan in die prysgedigte van leeftydsgroepe. Sekere woorde en begrippe wat hulle tydens die inisiasieseremonie "geskep" het, en net deur die betrokkenes geken was, is dan deur die oningeligtes beskou as argaïse vorme.

Soos reeds gesê kon geen voorbeelde van argaïse vorms opgespoor word nie. Sekere woorde kan so lyk, maar as na die ander Sothotale of selfs die Ngunitale gekyk word, word opgemerk dat die woorde of begrippe uit daardie tale ontleen is, en dus nie argaïstiese vorme is nie, byvoorbeeld in Bylae A no. 1.

Nyeleu le le golo.....

Die woord Nyeleu word nie in die alledaagse spreektaal gehoor nie, maar omdat dit uit Suid-Sotho ontleen is, is dit geen argaïse vorm nie.

As gekyk word na die voorbeeld wat Schapera (1965, p. 99) opgeteken het, sal sekere begrippe opgemerk word wat argaïes lyk, maar omdat die prysgedig in 'n ander tyd gekomponeer is, en die geskiedenis daar rondom vir die gewone luisteraar na die prysgedig verlore is, sal dit nie verstaan word nie, en ook dus nie waardeur word nie. As egter na die agtergrondgeskiedenis van die stuk gekyk word, dan spreek dit baie duidelik; byvoorbeeld;-

o supile Rrannyoba a ribela  
a supa Makopye a swa matotwane  
a šwa a be a šwela ruri baase  
a tlhoka a rula ntona ya ga Poulwe  
hy het gewys na Rrannyoba wat geval het  
hy het gewys na Makopye wat stuiptrekkend sterf  
hy is dood, hy is regtig dood die baas  
en kan nie weer opstaan nie, die soldaat van Paul.



Die stuk kom uit 'n prysgedig oor RamaMono wat oor die Kgatlastam regeer het en beskryf sy betrokkenheid by die geveg wat plaasgevind het gedurende sy oorlog teen die Transvaalse Boere onder leiding van Paul Kruger.

Rranyoba was 'n Boere-offisier, naamlik Kasper du Plessis wat die Tswananaam gekry het van Rranyoba omdat hy altyd soetriet (nyōba) geplant het en lief was om daaraan te kou.

Makopye was nog 'n Boer, naamlik H. Malan wat in die geveg dood is, en Poulwe was Paul Kruger.

Die woorde "nyōba" en "ntona" wat in die stuk voorkom, word glad nie meer deur die Tswana gebruik nie, en slegs deur die oudste prysdigter Mmupi Senosi (80 jaar) wat naastenby geweet het wat die woorde beteken.

#### 5.2.3.4 Inversie

Inversie behels die teengesteldheid aan die normale ten opsigte van aard en voorkoms, met ander woorde, dit is die omkering of omdraaiing van die gewone of natuurlike woordorde. Inversie word gebruik om te beklemtoon en help ook verder om eentonigheid teë te werk, as van eentonigheid by 'n prysgedig gepraat kan word, byvoorbeeld Bylae A no. 4.

Tshipi tlhoboro di lomanya melomo

Die ystergewere het na mekaar gemik.

in plaas van die normale woordorde.

tlhoboro tshipi di lomanya melomo

die ystergewere mik na mekaar.

Ga ema lenong le letona  
le le megatlagatla,  
le le reng le thukutha motho dinama,  
a ba a retelewe ke go itata.  
En die groot aasvoël het toe opgestaan  
die een wat baie sterte het,  
wat as hy besig is om 'n mens aan sy vleis rond te skud,  
dan is hy nie in staat om homself te help nie.

#### D. Hiperbool

Die hiperbool se funksie lê in oordrywing,  
vergroting; verkleining of vergroting ter wille  
van effek. Die hiperbool kom algemeen voor in die  
Tswanaprysgedig en speel die rol om die gedagte  
of beeld wat daargestel word te verhelder. Die  
hiperbole word onderstreep.

(Bylae A, no. 1).

o godile o kana ka tsiamopo;  
o kana ka leokotsane,  
o kana ka boabakgomo garataro,  
hy is groot, so groot soos 'n swerm treksprinkane;  
hy is so groot soos 'n suikermier,  
hy is so groot soos 'n geskenk van drie beeste.

(Bylae A, no. 3)

Magosi a mannye lo itlhoboge,  
Mangope ke tau,  
e kile ya loma Morena Pilane.

E mo lomile fela  
ga se ke ga re sepe.

Julle klein kapteintjies moet moed opgee,  
Mangope is 'n leeu,  
hy het een keer vir Kaptein Pilane gebyt.  
Hy het hom sommer net gebyt  
en niemand het iets gesê nie (niks het gebeur nie).

(Bylae A, no. 6).

O re ngwana kwa Mmabatho ga a abule;  
o a taboga.

Bophuthatswana o tsetswe maloba,  
maloba ka kgwedi ya Sedimonthole,  
e palama ere e ya fifing, a tlosa lonao.  
Sê vir hulle die kind by Mmabatho kruip nie;  
hy hardloop al.

Bophuthatswana is nou die dag gebore,  
nou die dag in Desembermaand,  
en voor die einde daarvan, het hy geloop.

#### E. Die Funksie van Beeldspraak

Beeldspraak het 'n belangrike funksie in die prysgedig, dit is dekoratief, maar elke beeld lewer ook sy eie bydrae.

Dit skep ook 'n tweede inhoud, in die sin dat beeldspraak aan die prysgedig 'n dieper inhoud gee.

Daar is ook nog die evokatiewe funksie wat beeldspraak vervul, met ander woorde dit verkonkretiseer die werklikheid.

Beeldspraak gee ook hegtheid aan die prysgedig deurdat beeldspraak die gedig heg en vlug help opbou.

'n Beroep op die sintuie word gemaak, en die waarnemingsvermoë word verskerp sodat die dinge rondom 'n mens, beter waargeneem kan word.

Laastens gee beeldspraak ook die essensiële inhoud, en is dus inhoudelik van aard deurdat beeldspraak deurgaans op die 'hooffiguur' van toepassing gemaak word.

#### 5.2.3.2 Leenwoorde

Nadat die Tswana in aanraking gekom het met die Blanke is sekere woorde oorgeneem uit Afrikaans en Engels. Die woorde of begrippe wat oorgeneem is, het die Tswana aangewend vir wat vir hul vreemd aan hul kultuur is. Aangesien die kontak tussen Blankes en Tswanas nou was, is die woorde in die Tswana se taal opgeneem om kommunikasie moontlik te maak.

Ook die voorbeeld uit (Bylae A, no. 24).

Bophuthatswana ga o kake wa kakelwa fela,  
digauta, diplatinama le disamente.  
Bophuthatswana kan nie net so gelaat word nie,  
goud, platina en sement.

ook (Bylae A, no. 26).

Tilo seo sa bogosi ga se go rone  
Daardie kapteinstoel lyk nie snaaks met jou daarop nie.

Die laaste voorbeeld uit (Bylae A, no. 25).

pitsetshweu, lesa, ditômô di repe ntlha o a nyaisa  
witperd los die toom dat hy verslap, want jy is  
nie stewig nie.

en uit dieselfde prysgedig -

Bakgothu ka ba ne ba sa itse  
go pega pitse sale, ba e nyaisa  
omdat die Damaras nie weet  
hoe om 'n perd op te saal, laat hulle hom slap hang.

### 5.3.3.3 Argaïsmes

Argaïsmes behels verouderde woorde of begrippe  
wat nie meer in die alledaagse taal gebruik word nie.  
Die verouderdheid bring mee dat dit oorbodig geword  
het en daar geen nut is om hulle te gebruik nie.

In die meer as 80 "nuwer" prysgedigte waarna  
geluister en wat versamel is, is nêrens 'n vorm van  
argaïsmes aangetref nie.

By ouer prysgedigte, en hier word veral verwys  
na die Tswanaprysgedig, soos deur Schapera opgeteken,  
is daar baie woorde en begrippe wat lyk na argaïsmes,  
maar met die nodige agtergrondskennis kan die woorde,  
ensovoorts, verklaar word, want dit is nie ware  
argaïsmes nie, maar lyk slegs so omdat die Tswanataal  
soos die ander tale ook leef en groei.

Die argaïstiese vorms het moontlik ontstaan in die prysgedigte van leeftydsgroepe. Sekere woorde en begrippe wat hulle tydens die inisiasieseremonie "geskep" het, en net deur die betrokkenes geken was, is dan deur die oningeligtes beskou as argaïse vorme.

Soos reeds gesê kon geen voorbeelde van argaïse vorms opgespoor word nie. Sekere woorde kan so lyk, maar as na die ander Sothotale of selfs die Ngunitale gekyk word, word opgemerk dat die woorde of begrippe uit daardie tale ontleen is, en dus nie argaïstiese vorme is nie, byvoorbeeld in Bylae A no. 1.

Nyeleu le le golo.....

Die woord Nyeleu word nie in die alledaagse spreektaal gehoor nie, maar omdat dit uit Suid-Sotho ontleen is, is dit geen argaïse vorm nie.

As gekyk word na die voorbeeld wat Schapera (1965, p. 99) opgeteken het, sal sekere begrippe opgemerk word wat argaïes lyk, maar omdat die prysgedig in 'n ander tyd gekomponeer is, en die geskiedenis daar rondom vir die gewone luisteraar na die prysgedig verlore is, sal dit nie verstaan word nie, en ook dus nie waardeur word nie. As egter na die agtergrondgeskiedenis van die stuk gekyk word, dan spreek dit baie duidelik; byvoorbeeld;-

o supile Rrannyoba a ribela  
a supa Makopye a swa matotwane  
a šwa a be a šwela ruri baase  
a tlhoka a rula ntona ya ga Poulwe  
hy het gewys na Rrannyoba wat geval het  
hy het gewys na Makopye wat stuiptrekkend sterf  
hy is dood, hy is regtig dood die baas  
en kan nie weer opstaan nie, die soldaat van Paul.

Die stuk kom uit 'n prysgedig oor RamaMono wat oor die Kgatlastam regeer het en beskryf sy betrokkenheid by die geveg wat plaasgevind het gedurende sy oorlog teen die Transvaalse Boere onder leiding van Paul Kruger.

Rranyoba was 'n Boere-offisier, naamlik Kasper du Plessis wat die Tswananaam gekry het van Rranyoba omdat hy altyd soetriet (nyōba) geplant het en lief was om daaraan te kou.

Makopye was nog 'n Boer, naamlik H. Malan wat in die geveg dood is, en Poulwe was Paul Kruger.

Die woorde "nyōba" en "ntona" wat in die stuk voorkom, word glad nie meer deur die Tswana gebruik nie, en slegs deur die oudste prysdigter Mmupi Senosi (80 jaar) wat naastenby geweet het wat die woorde beteken.

#### 5.2.3.4 Inversie

Inversie behels die teengesteldheid aan die normale ten opsigte van aard en voorkoms, met ander woorde, dit is die omkering of omdraaiing van die gewone of natuurlike woordorde. Inversie word gebruik om te beklemtoon en help ook verder om eentonigheid teë te werk, as van eentonigheid by 'n prysgedig gepraat kan word, byvoorbeeld Bylae A no. 4.

Tshipi tlhoboro di lomanya melomo

Die ystergewere het na mekaar gemik.

in plaas van die normale woordorde.

tlhoboro tshipi di lomanya melomo

die ystergewere mik na mekaar.

Uit dieselfde prysgedig ook die volgende voorbeeld -

le mosima o thibe wa mokwepa le phika

in plaas van:-

O thibe mosima wa Mokwepa le phika

en keer ook by die gat van die mamba en boomslang.

(Bylae A no. 26).

Bagaetsho, lo se bone tholwana borethe,  
mense moenie verwar word deur die gladheid van die  
bitterappel nie.

in plaas van:-

Bagaetsho, lo se bone borethe (jwa) tholwana.

Die woord in hakies is geëlideer.

#### 5.2.3.5 Elisie

Die voorkoms van elisie in die prysgedig is nie net beperk tot die weglating van 'n onbeklemtoonde klinker nie, maar kan ook insluit die weglating van die prefikse, medeklinkers, aanwysende voornaamwoorde, ensovoorts.

In die volgende voorbeelde sal die geëlideerde gedeelte in hakies geplaas word:

(Bylae A, no. 2).

(di)kgomo di a swa

(le)tsatsi le eme

die beeste vrek

die son is baie warm.

en uit dieselfde prysgedig ook die volgende.

o na le (le)tshwao la bogosi (mo)phatlheng  
o na le (le)sedi la ngwedi (mo)suhubeng

en steeds uit dieselfde prysgedig -

e (e)(di)naka(tse) di tel(e)le ya ga Sebogodi  
die een van Sebogodi het lang horings.

Uit Bylae A, no. 5 die volgende -

mabala a (ga)gwe a balwa ke(di)thausene(ts) a banna  
sy kleure wat deur duisende mans getel word.

mmala a (ga)gwe o balwa ke(di)thausene(ts) a basadi  
sy kleure word deur duisende vroue getel.

en uit dieselfde prysgedig -

kgomo e tsaletswe (kwa)(le)fatshe(ng) la Batswana  
(go) (le) tshampana.

'n gestreepte koei het in die land van die Tswana  
gekalf.

Uit Bylae A, no. 8 kom die volgende voor -

mogatsa (wa)(ga) mola(i)(wa) nare  
vrou van die buffeldoodmaker.

o ya (go) batla seantlo e sale gale  
hy soek vir hom 'n tweede vrou solank daar tyd is.

So kan vele voorbeelde gegee word, maar vir die  
rede vir elisie, naamlik, weens die vinnige tempo van die  
voordrag en die uiteindelijke vorm van die prysgedig,  
is dit genoeg om 'n eie gevolgtrekking te maak.



Die elisie lyk ook snaaks of is opvallend as dit op skrif gestel word, maar daar moet nooit uit die oog verloor word dat die prysgedig voorgedra word vir 'n meeluisterende en meelewende gehoor, en nie geskryf word vir 'n lesende publiek nie. Daarom kan die luisterende gehoor die strekking van sy woorde of gedagtes baie duidelik volg.

#### 5.2.3.6 Saamgestelde selfstandigenaamwoorde en Prysname

Die prysdigter skep saamgestelde naamwoorde om 'n lang omhaal, as gevolg van omskrywing, uit te skakel en vat in een gedagte of een woord 'n groot aantal beelde, indrukke en assosiasies saam.

Die saamgestelde selfstandige naamwoorde het meestal betrekking op die "hooffiguur" van die prysgedig en Schapera (1965, p. 18) sê dat die gebruik 'n belangrike kenmerk van die prysgedig is. Dit is nie net handig om 'n lang omhaal van woorde uit te skakel nie, maar is ook die prysname van so 'n persoon.

Finnegan (1970, p. 66) sê dat die saamgestelde selfstandige naamwoorde die een of ander belangrike funksie of kenmerk van 'n voorwerp, dier, voël, natuurelemente ensovoorts, behels, byvoorbeeld hy wat van yster gemaak is, die vader van die mense, hy wat die stam vermaan, die verskeurder, versorger, vertrooster ensovoorts.

Nkabinde (1976, p. 6-7) sê dat die kwessie van naamgewing onder die swart volke, het baie meer om die lyf as wat met die eerste oogopslag gesien kan word. Die naam het 'n spesifieke en dieperliggende betekenis en dien nie slegs om die een persoon van die ander te onderskei nie. Van die name vertel wat voor die geboorte gebeur het; ander wat aantoon wat gedurende die geboorte gebeur het. Sommige name is familie- en stamgebonde en het te doen met die afkoms of geskiedenis van 'n sekere familie of stam.

Daarom speel prysname net so 'n groot rol, indien nie groter nie, want die prysname sluit geskiedenis in, alhoewel hulle struktureel van gewone name verskil.

Prysname ontstaan nie net vir die skoonheid daarvan of om as vertoonstuk op te tree nie. In die prysname is die opgawe van 'n persoon se bekwaamhede, ondernemings, tekortkominge, mislukkings en die agting wat sy volgelinge of medemens vir hom het.

Dit stel aan die hoorder voor die heldedade en dinge wat vermag is deur die draer van die prysname,

Die prysname word dus net gebruik as verhewe taal benodig word om iemand te prys.

'n Persoon kan homself prys en dan sal die kopulatief "ke" voor die prysnaam verskyn, byvoorbeeld Bylae A no. 8.

Ke nna segogampana seo Rrafladi a Ditlhong;  
Ek is die nakomeling van Rrafladi van Ditlhong.

Ke Mmamangwana yo o Dipala-pala  
Ek is Mmamangwana van Dipale.

Ke nna Dipale wa Dipala-pale.  
Dit is ek Dipale van Diapala-pale.

Die tweede persoon kopulatief kom ook voor, maar nie so gereeld nie. Dit is moontlik omdat dit verwarring kan skep tussen die tweede en die derde persoon byvoorbeeld (Bylae A, no. 21).

O moatlametlo, o matsetseleko,  
o setswerere, rra Molathhwa,  
o kgathhile morafe, ka-borre!  
Jy kan goed doen, jy is uitstekend,  
jy is 'n kampioen, meneer Molathhwa  
jy het die volk verbly, so waar!

Wat die meeste en volopste voorkom, is die prysname in die derde persoon, maar om verwarring met die tweede persoon uit te skakel, word die kopulatief weggelaat of hoogstens net by die eerste prysnaam gebruik, byvoorbeeld Bylae A no. 1.

Nyeleu le legolo Segabariele, sephamolabatho,  
Groot engel Gabriël, jy wat mense gryp.

asook (Bylae A, no. 2).

Khunou ya mafula a'a theetsa, dumela,  
dumela notshe e tona, lellakoma  
dumela, tshetlha ya maralla-thota;  
tau tshetlha, selalome.  
Dagsê, Rooie, wat luisterende wei,  
dagsê groot by, hommelly  
dagsê, vale, wat op die heuwels rondwaal  
die vaal leeu, die ondiër.

Van die tipe prysname is in Bylae A volop.

Damane en Sanders (1974, p. 40-42) deel die prysname as volg in:-

(a) Beskrywende prysname

Die tipe prysname beskryf die een wat geprys word se karakter, gesigsuitdrukkings, bou, houdings, daad ensovoorts, byvoorbeeld (Bylae A, no. 2).

e ntse ka meno masweu bophala-phala,  
kana e ka go loma fela  
go ka se ka ga re sepe.  
hy met wit tande wat skitter,  
want hy kan jou byt  
en niks sal gesê word nie (niks sal gedoen word nie).

(b) Metaforiese prysnaam

Hier word die een wat geprys word, geïdentifiseer met iets, iemand, maar gewoonlik met 'n bees, wildedier, voël, reptiel, liggaamsdeel, monster (ontleen aan 'n sprokie) ensovoorts, byvoorbeeld (Bylae A, no. 1).

ka e le ene motshelakgabo-a-batho.

Ke go bokile, mokgekgethisi wa tladi ya Bophuthatswana.  
want hy is die berisper van mense.

Ek het jou geprys, die stukkendkapper van die  
weerligstraal van Bophuthatswana.

(c) Afgeleide prysname

Hulle word afgelei van werkwoorde wat anders is as dié in alledaagse taal. Hulle is verhalend van aard, en vertel wat die een wat geprys word gedoen het, of wat aan hom gedoen is, byvoorbeeld (Bylae A, no. 26).

Tshukudu ya mathibakgabo, kgalema,  
kgalemela kang di hele.

Renoster, die vlam-beskermer, vermaan,  
vermaan sodat die stryery kan ophou.

asook die volgende voorbeeld uit (Bylae A, no. 4).

Seepapitso sa morafe, dumela!

Dagsê, sameroeper van die stamvergadering.

(d) Assosiërende prysname

Hier word die persoon wat geprys word, verbind aan vriende, familie, voorvaders en plekke waar hy dinge doen, of waar hy bly, byvoorbeeld (Bylae A no. 6).

Re lebile wena Sephuthaditshaba;  
re lebile wena Phatswaemaneila,  
Phatswa, e mo kgomong tsa ga Sebogodi.  
Ons kyk na jou Stambouer;  
ons kyk na jou Veelkleurige,  
Swartbonte, wat tussen die beeste van Sebogodi is.

en ook die volgende uit (Bylae A no. 9).

Dumela, Lesedinyana, le le mo Batswananeng,  
Lesedinyana la ga Semakaleng,  
Dagsê, liggie, wat onder die Tswanas skyn,  
die liggie van Semakaleng.

Soos reeds daarop gewys, kom daar in prysgedigte baie prysname voor. Dit is immers die middelpunt waarom die prysgedig draai. Die versameling van prysname is 'n aktiwiteit wat gedurig plaasvind.

Hoe meer prysname 'n persoon het, hoe hoër staan hy in die Tswanahiërargie, en 'n persoon se aansien is in verhouding met sy prysname.

Daar is reeds gedui op verskeie tipes prysname. Ten laaste kan net gewys word op die algemeenste wyse waarop die prysname gevorm word, met behulp van 'n werkwoord of werkwoordstam en voor- en agtervoegsels.

Kyk byvoorbeeld na die onderstaande voorbeelde:-

- A (i) Die prefiks mo- en werkwoord en suffiks -a  
Moômana - Raser - Dreiger - Bakleier.
- (ii) mo- en werkwoord en -i.  
Mophatlalatsi - Verstrooier, - Verspreier.
- (iii) mo- en werkwoord en -ne.  
Moruane - Veeboer - Veebesitter.
- (iv) mo- en werkwoord en -e.  
Moôkêtsê - Vermeerderaar - Hy wat bysit of bylas.

- B. (i) le- en werkwoord en -a.  
Leisantwa - Wat die geveg neem na
- (ii) le- en werkwoord en -i.  
Letshologi - Uitstorter - Uitvaller.
- (iii) le- en werkwoord en -ne.  
Lekgamanyane - Verwurger.
- (iv) le- en werkwoord en -e.  
Leletamotse - Huisoppasser - Huisbewaker.
- C. (i) se- en werkwoord en -a.  
Sekokotla - Klopper.
- (ii) se- en werkwoord en -i.  
Sebolai - Doodmaker - Moordenaar.
- (iii) se- en werkwoord en -ane.  
Sebetsane - Slaner.
- (iv) se- en werkwoord en -e.  
Seakofele - Hy wat nie omgee nie - Onverskillige
- D. (i) ma- en werkwoord en -a.  
Moeletsa - Begeerder.
- (ii) ma- en werkwoord en -ane.  
Masephamolane - Gryper.
- (iii) ma- en werkwoord en -e.  
Maserwale - Die een wat nie dra nie.
- E. (i) mma-ma en werkwoord en -a.  
Mmamariga - Koue, Ysige - Afsydige.
- (ii) mma-ma en werkwoord en -e.  
Mmamakobamotse - Hy wat die ander van die huis  
verdryf.
- F. (i) rra- en werkwoord en -a.  
Rramoilwa - meneer hater, hy wat gehaat word.
- (ii) rra- en werkwoord en -ane.  
Rramaitsane - meneer kennis - Weter.
- (iii) rra- en werkwoord en -o.  
Rraditôrô - meneer dromer - hy wat droom.